Emosionele Genesing

Dr. Gerrie de Haas

gerrie@gedaministries.co.za

EMOSIONELE GENESING

INHOUDSOPGAWE

Christene, net soos so baie ander mense vandag, het langs die pad van die lewe wonde opgedoen. Baie wonde is liggaamlik, maar so baie is emosionele en geestelike wonde.
Hoe om dit te herken en dit te hanteer.

1. Emosionele wonde.
2. Sondevergifnis.
3. Die sonde van die vaders.
4. Selfbevryding.
5. Hoe reageer jy as jy beskuldig word?
6. Die behoefte aan liefde.
7. Verlossing van emosionele sake.
8. Hoe affekteer dinge jou?
9. Hoe hanteer ek vergifnis?
10. Hoe om van vestings ontslae te raak.

EMOSIONELE WONDE

Een van die grootste redes waarom Christene nie die volheid van God kan ontvang, is emosionele wonde.
Ons Christene, net soos so baie mense vandag, het langs die pad van die lewe wonde opgedoen. Baie wonde is liggaamlik, maar so baie is emosionele en geestelike wonde.

Christene voel so dikwels dat God hulle teleurgestel het of hulle dalk in moeilike omstandighede net verlaat het toe hulle Hom nodig gehad het. As ons voel dat God nie gedoen het wat ons van Hom verwag het nie, laat dit ons met emosionele wonde. Skielik begin jy twyfel, skielik is daar onsekerheid, skielik is daar wanhopigheid. Waar is God dan?

Kom ons kyk na die verhaal van Jesus en Lasarus in ***Johannes 11.***

Hier sien ons die twee susters van Lasarus, Martha en Maria, in presies dieselfde situasie. Hulle het ‘n dringende boodskap aan Jesus gestuur oor Lasarus wat so siek was. Hulle het nie getwyfel dat Jesus dadelik sou kom nie – Hy was dan hulle vriend en hulle was lief vir mekaar. Maar, Jesus reageer nie soos wat hulle verwag het Hy sou nie. Hy begin eers Sy reis na twee dae en kom by die familie aan toe Lasarus al vier dae dood was!

Kan jy net dink hoe teleurgestel die twee susters was!
Hulle is bedroef, wanhopig en hartseer. Dink net hoe hulle vertroue in Jesus geskud is. Hulle het Hom sien wonderwerke doen en al hulle vertroue was in Hom. Hy het altyd gesê Hy is lief vir hulle maar ten tye van hulle ergste nood het Hy hulle gefaal! Wat ‘n tragedie.

In die kerk is daar vandag baie sulke verwondes.
Hulle het ook op Jesus gewag. Hulle het ook hul vertroue in Hom geplaas, maar toe doen Hy presies wat hulle nie verwag het Hy gaan doen nie.
Die fout is dat ons soveel keer verwag dat Hy iets moet doen op die manier wat ons wil hê Hy moet.

Maar, die teleurstelling maak dat ons nou sit en redeneer waarom Jesus verkies het om op ‘n sekere manier op te tree.
Een of meer van die volgende moontlikhede kom by ons op:

1. Miskien het Hy nie werklik meer die krag om iets te doen nie. Want, as Hy krag het, waarom sien ons dit dan nie in die kerk nie?

Christene vind dit al hoe moeiliker om te glo dat daar werklik in Jesus se tyd wonderwerke was. Waar is die krag?
Tog hoor hulle van wonderwerke wat op ander plekke gebeur en dan kom die vraag: Is ek op die regte plek?

2. Miskien is hierdie dat God my sal oppas en oor my sal waak sommer net stories.
Waar is God dan elke keer as dit moeilik gaan?
Hoekom voel ek dat in sulke tye moet ek maar na myself omkyk?
Dalk gee God nie regtig om vir my nie.
Dalk is Jesus net so onbetroubaar as mense.

3. Alhoewel ek glo dat alles vir God moontlik is, wonderwerke en genesings, is dit nie Sy wil om my te help nie. Ek glo Hy kan, maar Hy wil nie, want hoekom doen Hy nie wat **ek** wil hê Hy moet doen nie.

U weet, oor jare het daar ‘n prentjie in ons koppe gekom dat God so ‘n tipe God is.
Toe ek jonk was het die tradisionele kerk dit so vir my voorgehou. God is almagtig en Hy sal jou straf as jy net uit pas uit is.
Die gevoel van my verwerping en vrees vir God het uit so ‘n siening gekom. Ek was onseker oor God.
Omdat hulle wat my geleer het in die kerk en in die Sondagskool net nooit vir God as ‘n liefdevolle Vader gesien en ervaar het nie, is dit die prentjie wat vir my ook geskilder is. Daar was soveel kontroversie! En, my pa het net altyd vir my gesê ek moet tog net nooit ‘n Apostelie word nie.

Hoe gaan ek nou my persepsie verander?

Wat ook al jou aannames is, dit lei altyd tot ongeloof.
Situasies soos hierdie lei ook tot wonde en verwerping wat ervaar word as ‘n ouer, ‘n eggenoot, ‘n kind of ‘n intieme vriend jou teleurstel. Dit maak so seer!

Martha en Maria het op dieselfde manier opgetree toe hulle gesê het dat as Jesus daar was, sou Lasarus nie gesterf het nie.
Hulle teleurstelling is baie duidelik omdat hulle geglo het Jesus het hulle in die steek gelaat en hulle het so vir Hom gesê.
Hulle skuldgevoel en emosies het nou na vore gekom.

God het ‘n plan in ons omstandighede.
Hoekom het Jesus hier opgetree op ‘n ander manier?
As jy lees in Johannes 11 dan wys dit baie duidelik dat Hy dit as ‘n geleentheid gesien het, nie net om God deur ‘n wonderwerk te verheerlik nie, maar ook om die geloof van Sy dierbare vriende te versterk. Jesus het ook Sy eie dood hier gesien. Almal om Hom het dit ongelukkig nie geweet of dit so gesien in die begin nie.

Die Jode van daardie tyd het iemand wat sterf daardie selfde dag begrawe, suiwer agv. die hitte.
Binne 6 tot 8 uur het die proses van verrotting alreeds begin.
Hulle het ook geglo dat die persoon se gees nog vir drie dae oor die aarde sweef. In die drie dae kon dit nog altyd teruggekom het na die liggaam toe. Na die derde dag is dit aanvaar dat alles verby is en op die vierde dag is die graf dan verseël en die persoon is dan amptelik dood verklaar.

Hierdie dag het dus ‘n baie spesiale betekenis van finaliteit en onomkeerbaarheid gehad. Vir almal, maar beslis nie vir Jesus nie! Hy het geduldig vir die oomblik van menslike finaliteit gewag en het toe vir Lasarus uit die dood opgewek. Dit het die wonderwerk soveel groter gemaak. ‘n Stinkende lyk kom uit die graf uit en leef.

Ons moet ook weet dat hierdie drie dae wat Lasarus in die graf was en toe weer lewendig geword het, presies is wat net daarna met Jesus self sou gebeur.
Jesus het kom kyk hoe gaan Sy eie liggaam lyk na drie dae in die graf. Toe Lasarus opstaan en lewe, het Hy geweet dit is presies wat met Hom ook gaan gebeur.

Al hierdie gebeure het ‘n emosie in Jesus veroorsaak – Hy ween.
Die vraag kom altyd op: Hoe kon die Jesus wat wonderwerke doen en die persoon wat geweet het Hy gaan nog vir Lasarus laat opstaan, ween?
Is dit omdat, met die dood van Lasarus, Hy geweet het Hy is volgende? Dalk het Jesus om hom heengekyk na Sy dissipels en besef het dat hulle nog nie reg is vir wat kom nie en dalk nog nie reg is om oor te neem nie. En emosie kom in.

Maar, kyk na Jesus. Nadat Hy geween het, was Hy stil.
Dit het niks verander aan Sy selfvertroue nie. Hy het geweet dat die geesteswêreld nie reageer op ween en emosie nie.

Moet nooit bid vir verandering terwyl jy ween nie.
Nêrens in die Bybel sê dit jy mag nie.

Jesus is nou by die graf. Hy sê vir hulle: 'Neem die steen weg'.
Profeties beteken dit ook: Rol die ontmoontlikes weg in jou lewe.
Rol hulle weg met vertroue.

Martha sê vir Jesus: 'Here, hy ruik al, want hy is al vier dae dood'.
Jesus antwoord haar: 'Het Ek nie vir jou gesê, as jy glo, sal jy die heerlikheid van God sien nie?'

God was al die tyd in beheer en dit is presies wat nou ook in jou lewe gebeur. God is in beheer. Dit net ons wat na ons eie wonde kyk en treur soos iemand wat sonder hoop is.
As jy emosionele wonde het, weet daar is 'n plan.
Moet net nie God se plan in jou lewe mis nie.

Hoe gaan jy optree as sulke situasies opduik?
* Jy moet in Sy liefde en in Sy plan vir jou glo (Joh 11:40; Heb 13:5)

* Glo dat Hy 'n plan het en dat Hy vir jou optree en dat Sy planne die beste is. Hy is besig om 'n oplossing vir jou probleem uit te werk.
Jeremia 29:11:
'Ek weet wat Ek vir julle beplan het' sê die Here. 'Ek beplan voorspoed vir julle, nie teëspoed. Ek wil hê dat julle hoop vir die toekoms moet hê'.

* Besef dat die werke wat Jesus hier demonstreer het, bewys dat hy in beheer was. Dit neem ons vrees weg en gee ons vrede.

* Jy moet glo in Jesus se opwekkingskrag – dit sal al jou wanhoop wegneem.

* Glo in God se getrouheid soos wat in Sy Woord openbaar word.

Jesus het gesê: 'Ek is die Opstanding en die Lewe!'
Hy roep na jou uit die hemele uit om op te staan en te leef!

* Die kern van die saak is:
God is aan die werk in jou lewe, selfs al besef of verstaan jy dit nie.
Dis egter baie makliker en tot jou voordeel indien jy met Hom saamwerk.

.....

SONDEVERGIFNIS

Wat is die eerste erkenning wat elkeen van ons moes maak nadat ons tot bekering gekom het? 'Here help my, ek is 'n sondaar'.
Wat sê die Bybel daaroor? ***Romeine 3:23;***
'Want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God'.

Dit is waar alles begin. Sonde bly ons grootste vyand.

Wat is sonde? ***Jakobus 4:17;***
'Wie dan weet om die regte ding te doen, of om goed te doen, en dit nie doen nie, vir hom is dit sonde.

Die oomblik dat jy jou hande opsteek en sê: 'Ek neem U aan Here Jesus', het jy eintlik vir die wêreld gesê: Ek is onvolledig, ek is nie perfek nie, ek stap uit my ou lewe uit in 'n nuwe een in.

Daar is nou nog areas in jou lewe waar jy die krag nodig het wat jy ontvang het toe jy tot bekering gekom het.
Almal moet besef dat jy begin het met 'n reis van krag.

Daar is net een probleem: Die kerk het oor jare Christelikheid aan jou voorgehou as 'n godsdiens.
Terwyl jy Christus gesien het as 'n godsdiens, het jy in die kerk geleer hoe om 'n Christen te wees en dit het die kragdimensie in jou lewe totaal onderdruk.
Wat is die reis dan? 'n Persoonlike dag-vir-dag wandel.
Wedergebore soos wat ons is, is ons stryd daagliks teen sonde.

Is dit moontlik om daagliks skuldig en sondig te voel? Ongelukkig JA.
* Om te voel dat jou sonde nog nie vergewe is nie, steel jou selfvertroue.
* Om te voel dat jou sonde nog altyd daar is, maak dat jy geen vrymoedigheid het om andere te bedien nie.
* Om te voel jy is nog sondig, maak jou altyd ongemaklik.
Die oomblik dat jy in die teenwoordigheid van heilige mense kom, sal jou skuldgevoel altyd vir jou sê: Moenie dink jy is deel van hulle nie.
En as jy daaraan dink om in outoriteit te stap en in krag, sal dit vir jou sê: Ag, moenie eers probeer nie. Jy weet dat jy nie reg is nie.

Het jy al ooit iemand gesien wat skuldig voel?
Jy kan dit meestal op hulle gesigte lees.

Soms sal jy rondloop en sommer dink jy is lelik.
Hoe kan jy? Jy is gemaak na die beed van God.
* Om sondig te voel sal jou vertel: Moenie eers na daardie meisie kyk nie. Sy is te pragtig vir jou.
Kyk na jou ou neus! Moet nie eers begin nie – kyk net na jouself!

* Om al ewig sondig te voel, gaan jou elke dag herinner aan jou verlede. Jou herinner aan al die slegte dinge wat jy ooit gedoen het, en jou dit laat onthou. 'n Skuldgevoel maak jou sommer bewerig al is jy in die teenwoordigheid van die Here.

* Om skuldig en sondig te voel neem jou uit die kragdimensie van God uit. Hoe kry jy dit reg?
Die duiwel sal elke dag vir jou vertel en herinner aan alles wat sleg is wat jy al gedoen het.
Hy sal jou kom oortuig dat jy vir ewig so sal wees en dat jy nooit sal kan verander nie!

* As daar onbelede sonde in jou is, is daar altyd gevolge.
Onbelede sonde beteken dat jy sekere sondes nog nooit opreg vir God bely het nie. Dit kan ook beteken dat jy dit alreeds bely het, maar jy besef nie dat God jou al vergewe het nie.

Wat gebeur as ek nie my sonde spesifiek bely nie? Koning Dawid val in sonde – ernstige sonde. Die dag toe God vir hom sê dat hy hierdie sonde van die dakke af gaan verkondig, begin Dawid bely. Luister na sy belydenis:

Psalm 32;
'Toe ek oor my sonde geswyg het, het my liggaam uitgeteer soos ek heeldag om hulp geroep het.
Toe het ek my sonde bely en my oortredinge nie meer weggesteek nie.
Nou, dit gaan goed met die mens wie se ootredinge nie gestraf word nie – wie se sonde vergewe word'.

Onthou: Die duiwel kan jou nie net normaalweg herinner aan jou verlede nie óf jou net laat skuldig voel nie.
Ek glo werklik ons is beskerm daarteen.

Die reël is egter duidelik:
Moet nie kompromieë aangaan nie. As jy sonde doen gaan die deure oop en demone kom in. Hulle kan nie net inkom nie, daar moet vir hulle 'n wettige reg wees om te kan inkom.

En, terwyl jy in sonde bly, bly die deure oop en het die demone 'n vry kaartjie om saam te ry.

Om aanhoudend skuldig te voel maak dat jy naderhand verkeerd bid. Elke keer as jy bid het jy die gevoel dat jy jou sonde wil bely. Wie het vir jou gesê jy het sonde?

Elke keer as jy bid, bid jy soos 'n sondaar:
Jy begin met: 'Vader in die hemel. Vader, in Jesus se Naam vergewe weer my sonde asseblief'. Nee!

Wat is die oplossing?

As daar sonde is in ons lewens is daar net één oplossing: Belydenis. Doen dit een keer en doen dit klaar.

2 Korinthiërs 7:1;
'Terwyl ons dan hierdie beloftes het, geliefdes, laat ons ons van alle besoedeling van die vlees en die gees reinig, en laat ons die heiligmaking in die vrees van God volbring'.

<u>Daar is twee dinge wat ons moet op let:</u>

1. Die apostel Paulus sê baie duidelik dat daar 'n skoonmaak en reinigingsproses is wat ons moet deurgaan.
Dis nie outomaties nie, dit vereis dat ons iets moet doen.

2. Paulus plaas die verantwoordelikheid vir hierdie reiniging volkome op ons skouers.
Hy sê: 'Laat ons ons self reinig'.

DIS MY EIE VERANTWOORDELIKHEID OM MYSELF TE REINIG

Na wedergeboorte gee God aan elkeen van ons genoeg outoriteit en verwag Hy van ons elkeen om ons eie lewe te reinig.
Hoekom? Dis 'n Bybelse opdrag!

God sal nooit van ons iets verwag as Hy nie self daarvoor sal sorg dat dit moontlik is nie. Ons moet onsself reinig. Hoe?

1 Johannes 1:9;
'As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig'.

Die vers begin met 'as'. Dit beteken altyd: Ons het 'n keuse.

Of ons kies om dit te doen, óf ons kies om dit nie te doen nie.

Dis baie duidelik: Die reiniging gaan nie kom as ons nie eers bely het nie. Die woord 'bely' word skielik die sleutel in die vers.

Voorbeeld:

Wanneer jy vorentoe gaan om die sondaarsgebed te bid by bekering dan sê jy: 'Here Jesus, ek wil hê U moet my verlosser en my saligmaker word'. Dis 'n belydenis.
Jy stel dit baie duidelik dat Jesus Christus God is en jy aanvaar Hom nou as Saligmaker.

Nou gaan jy verder om te sê: 'Kom vestig U koninkryk in my hart Here en vergewe my al my sondes. Dit is nie spesifiek genoeg nie. 'Vergewe al my sondes' – dis veralgemening. Die sondes word nie spesifiek bely en genoem sodat dit vergewe kan word nie.

Wat gebeur nou? Die gemiddelde Christen wat tot bekering kom, reinig nooit sy lewe nie. Dus, hy word nooit wedergebore nie – hy het tot bekering gekom en net 'n gebed gebid. Dis al.

Dis die rede waarom so min mense wat Jesus aanvaar en aan die brand raak, Hom vir ewig kan dien. Mense kom tot bekering, raak aan die brand en na 'n rukkie 'backslide' hulle weer.
'n Krisis kom in hulle lewe en hulle begin weer voor – oor en oor. Die rede? Geen reiniging. Dus geen wedergeboorte. Geen krag.

As jy sonde gedoen het en tot bekering kom, maar die hele verlede word nie ordentlik bely en gereinig nie, wat word van alles wat in die verlede gebeur het?

Jou depressie en vrees, jou seksuele sonde, jou verslawing, jou siekte – wat word daarvan? Ons het mos geleer dat dit nie vanself net gaan verdwyn nie. Hulle gaan in 'n wagtyd en wag net vir die regte geleentheid om weer oor te neem.

Bediening:

.....

DIE SONDE VAN DIE VADERS

So dikwels is die dinge wat ons wegsteek hier binne in ons, ook die dinge wat ons weerhou van 'n wonderlike verhouding met God.
Dis die area waarin God wil hê ons moet al die vleeslikheid en die 'ou mens' in ons lewens hanteer.

Die hele idee om al die verborge dinge in ons te hanteer, is om ons deursigtigheid, ons reinheid en ons heiligheid, te verhoog.
As ons dit gaan regkry, sal daar verseker 'n groter teenwoordigheid van God in ons lewens wees.

As ons weet dat daar nog iets daar binne is wat probleme maak, moet ons na God toe gaan en sê:
'Vader, wat is nog in my, wat ek moet hanteer?
Wat is in my wat hierdie blokkasies veroorsaak?'

Een ding wat ons moet weet, is dat die probleem nie aan God se kant lê nie. As daar 'n probleem is, is hy aan ons kant.
Maar ons wil dit nie altyd hoor nie!
As daar 'n fout is, is dit nooit God wat die fout het nie – dis ons.

In die Bybel is daar verse wat praat van hierdie areas van blokkasie, hierdie hindernisse in ons lewe. Dinge wat ons moet hanteer om 'n groter en dieper vloei tussen ons en God te hê.

Eksodus 34:7;
'Ek is die Here wat die goedertierenheid bewaar vir duisende, wat ongeregtigheid en oortreding en sonde vergewe, maar nooit ongestraf laat bly nie; wat die ongeregtigheid/sonde van die vaders besoek aan die kinders en aan die kindskinders, aan die derde en aan die vierde geslag'.

Direkte vertaling van die Hebreeuse Bybel sê: ***Eksodus 20:5-6***;
'I am The Only Almighty Eternal Loving One. The fathers pass their sins on to the children, even to the third and forth generation of those who ignore Me. Yet I send loving invitations a thousand times to every person in every generation of those who seek to love Me'.
Ons is so dikwels die slagoffers van goed wat in ons lewens geplaas is – dinge waarvan ons nie bewus was nie.

Dis waarom dit altyd moeilik is om dit te hanteer, want ons weet nie hoe dit in ons ingekom het nie. Eendag dan kom ons agter: Hier is iets in my lewe wat aanhoudend probleme gee.

Kom ons lees weer ***Eksodus 34:7;***
'Wat die sonde / ongeregtigheid van die vaders besoek aan die kinders en aan die kindskinders, aan die derde en aan die vierde geslag'.

Ons lees hier dat dit moontlik is vir 'n onskuldige kind wat gevorm is in die baarmoeder van die moeder, om die misdade en die ongeregtigheid van sy vader te kan erf, of van sy oupa en oupagrootjie.
Dis die negatiewe wat deur die gene oorgedra kan word.
As ons net hierna kyk en besef dat dit kan gebeur, klink dit na 'n negatiewe ding. Maar, ons besef ook dadelik dat God vir alles voorsiening gemaak het, en dat daar 'n uitweg is – 'n manier om vry te kom van so 'n invloed.

Die feit bly dat dit nie net goeie goed is wat met ons kan gebeur nie, maar ook die slegte. Daar is soveel ander plekke waar God presies dieselfde woorde sê dat die misdade, die ongeregtigheid van vaders kan deurgaan na hulle kinders toe.
Waar kom al die oorerflike siektes en probleme vandaan dink julle?
In my praktyk hoor ek elke dag:'Dokter, daar is suiker in ons familie'.
Dokter, ons Otto's gaan mos almal dood aan hartsiektes. Dit het by oupa begin'.

Dis baie belangrik om daarop te let dat ongeregtigheid met enkele uitsondering, deur vaders aan kinders oorgedra kan word deur die generasielyn.

Moeders se rol is baie kleiner en hulle kan kinders beïnvloed met die wyse waarop sy hulle grootmaak. As daar persoonlike dingetjies in haar lewe is, gaan haar kinders dit ook moontlik later doen.
Sy kan bv. 'n baie dominerende persoon wees, en kinders kan ook later so wees. As sy vir spinnekoppe bang is, sal haar kinders moontlik ook daarvoor bang wees.
Maar, moeders kan gewoonlik nie iets aan hulle kinders oordra deur die generasielyn nie.

Hulle lewe en optredes gaan kinders affekteer, maar hulle gaan dit nie oorerf en weer verder na hulle nageslagte oordra nie.
Vaders dra meestal die generasie-probleme oor. Die Bybel is ook baie duidelik oor 'die sonde van die vaders', en nie van die moeders nie.

Hoe weet ons dit?
Jesus is gebore uit 'n aardse moeder, Maria.
Sy was die kind van 'n aardse ma.
Die Bybel sê dat Jesus is gebore sonder enige ongeregtigheid in Hom, net omdat sy ma niks aan hom kon oordra nie.
Onthou, Sy Vader was ook sonder sonde en ongeregtigheid, want Hy was God self.
Daarom is Jesus gebore sonder enige sonde of vloek.

Hoe lyk hierdie ongeregtigheid wat ons kan oor-erf?
Dit kan siektes wees, armoede, ellende, rassisme, skelmheid, gierigheid of iets waarmee die kinders voortdurend mee sukkel.

Voorbeeld: **Die verhaal van 'n man:**
Hy het begin sukkel met dinge in sy lewe vanaf 'n baie jong stadium.
Daar was iets in hom, seksuele gedagtes, wellus, iets in hom wat hom gedryf het, geslagsdrange.
Hy was elke oomblik bewus van geslagsdrange in hom.

Hy vertel dat hy nooit as 'n kind gemolesteer is nie, en nooit as kind regtig enige verkeerde deure oopgemaak het nie, maar daar was iets wat hy sedert sy kinderdae moes hanteer.
As jong man het hy agter vrouens begin aanloop.
Hy het geval in soveel verhoudings en het soveel perverse gedagtes gehad. Hy het besef sy bloed is warm, maar kon nooit verstaan waar dit vandaan gekom het nie. Hy het gedink alle seuns is maar so!
Maar, soos so dikwels was daar niemand wat hy kon raadpleeg nie, niemand om mee te praat nie, want hy was te skaam daaroor.

Later in sy lewe vind hy vir Jesus Christus. Hy word vervul met die Heilige Gees, en groot vreugde kom in hom in.
Hy bely al sy sonde soos hulle hom leer, maar die drange en gedagtes het nie weggegaan nie!

Later begin hy twyfel wat die Bybel sê in verse soos:

2 Korinthiërs 5:17;
'Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword'.

Hy het besef dat hierdie 'nuwe skepsel' is net in sy geestelike dimensie. Sy emosionele lewe en liggaam het nie vanself net nuut geword nie.
Dis 'n feit dat as jy suikersiekte het en jy kom tot bekering, het die suiker nie net verdwyn nie.Dis nog altyd daar en het nie verander nie.

As jy hierdie dinge opbring in die kerk, dan kry jy antwoorde soos: 'Wel broer, jy sal moet meer tyd spandeer in die Woord, jy moet meer bid, jy sal moet vas hieroor, jy sal meer verse moet kan kwoteer. Jy het 'n probleem, so hanteer dit maar. Los ons net uit'.
Ons almal weet dat dit alles baie goeie goed is om te doen, maar dis niks meer as net 'n 'sonde-hanterings program' nie.
Hierdie man roep uit: 'Hoekom bly die probleem daar?
Ek is 'n wedergebore en geesvervulde Christen. Maar ek veg teen iets in my waar ek gaan. Wie kan my dan help?'

Soos wat hierdie man groei in sy geestelike lewe is daar tye van groot blydskap, maar, elke aand by die huis roep hy uit: 'Vader, hoekom hierdie drange in my? Hoekom kom ek nie vry nie?'
Hy vertel hoe die drange ook gekom het by sy werk.
Hoe moeilik dit was as hy saam met vrouens moes werk en soms aan hulle moes raak.

Soos hy geroep het na God, het God hom geneem na verse soos Eksodus 34:7.
Daar het hy begin besef dat hy die ongeregtigheid van wellus geërf het van sy vader, oupa en moontlik oupagrootjie.
Hy besef dat hy dit sal moet begin erken in sy lewe, dat hy eienaar-skap van hierdie ding moet begin neem, dit sal moet aflê, uit dit moet uitstap, om so alleen sy vrymaking te kan kry.

Mense, ons moet besef: Op die dag van wedergeboorte het ons gedagtes nie verander nie, ons slegte gewoontes is nie net weg nie en ons siektes is nog daar.
Dis hoekom Paulus vir ons sê dat in vrees en bewing ons hierdie dinge moet gaan uitwerk – dit gebeur nie outomaties nie.
Dis waarom so baie mense in die kerk uitkom vir gebed.

Hulle sê: 'Ek het gesondig, bid vir my asseblief'.
Hulle kom vry, maar oor drie maande staan hulle weer daar voor.

Elke dag sien ons mense bevry word, maar so baie val weer terug in 'n ou lewensstyl. Hulle kom weer, want die ding wat hulle dryf is nog steeds daar – en hulle kan nie ophou om dit te doen nie.
Die gedagtes is nog daar, die kwaad is weer terug, die verslawing is nog steeds daar en my siekte bly daar, al probeer ek hoe hard.

Kom ons lees ***Jesaja 59:2;***
'Maar **julle ongeregtighede** het 'n skeidsmuur geword tussen julle en julle God, en **julle sondes** het sy aangesig vir julle verberg, sodat Hy nie hoor nie'.

Ons het vir so lank ongeregtigheid en sonde as één ding gesien.
Ons het hulle saamgevoeg en dit net 'sonde' genoem.
Dis waar ons 'n groot fout begaan het.
Hierdie vers sê spesifiek dat ons ongehanteerde ongeregtighede skeiding bring tussen ons en God. Die ongeregtigheid sit naderhand oor in sonde, en dis hierdie sonde wat die blokkasie bring en wat maak dat Hy ons nie hoor nie.
God hoor ons nie, want die probleem kom van ons kant af.

As ons nou al hierdie dinge weet, hoe gaan ons gesond word?
Ons moet besef dat daar 'n verskil is tussen die gevolge vir ongeregtigheid en die gevolge vir sonde.
Wat is die verskil?
Die skrif sê duidelik dat ongeregtigheid in jou is – in jou wese.
Dis van binne en is in die lewe van die indiwidu. Dis in jou DNA in.
Die ongeregtigheid wat in die man was, was sy seksuele wellus.
Dit wat hy toe gaan doen het met die ander vrou, die owerspel, dit was die sonde – dit was die daad – van buite af.
Maw. die ongeregtigheid is eerste in jou. Hanteer dit en oorwin dit asb. As dit eers oorgesit het in sonde, is daar altyd gevolge.
Die reël is: * Ek kan nie met 'n ander vrou egbreek pleeg, as ek nie van binne af 'n egbreker is nie.
* Jy beroof nie 'n bank as jy nie van binne af 'n dief is nie.
* Jy kan nie aanhoudend lieg as jy nie binne-in jou 'n leuenaar is nie.
* Jy slaan nie net aan mense as jy nie van binne 'n geweldenaar is nie.

Wat God wil hê ons moet verstaan is dat daar ‘n drang of ‘n krag is wat in ons ingekom het.
Dit noem ons **‘ongeregtigheid’** – dit wat ek geëerf het.
Dit wat ek nou fisies doen, na buite toe doen, is die manifestasie of demonstrasie van wat in my is – dis die **‘sonde’**.

Binne-in hierdie man was daar iets wat hom oorgegee het aan drange en wellus, maar hy het nooit besef dat dit wat hom dryf, ongeregtigheid was nie.
Toe hy dit begin verstaan, het hy besef dat dit ook die ding in hom was, wat sy verhouding met God verduister het.
Dit het ook sy heiligheid en reinheid beïnvloed.
Hy het besef dat hy hier eienaarskap van die probleem moet vat.
Hy moes self verantwoordelikheid neem, om te kan vry kom.

Voorbeeld van Ongeregtigheid:

Baie mense het ‘n onheilige altaar in hulle huis. Die DNA van jou familie. Gewoonlik kom dit van geslag tot geslag.
Weet dat die duiwel al die reg het om daardie altaar te gebruik om moeilikheid in jou huis te veroorsaak. Hy mag, want hy het deur die geslagte die reg gekry om dit te mag doen.
Onthou, Satan werk orals, en as jy hom wettig die reg gee om in te kom, sal hy. Ongeregtigheid is die wettige reg wat die vyand verkry en dus die reg gee in jou lewe.

Kom ons kyk net na Koning Dawid se lewe:
In sy lewe het hy agtergekom dat daar ‘n verskil is tussen sonde en ongeregtigheid.

Psalm 32:5; **‘**My **sonde** het ek U bekend gemaak, en my **ongeregtigheid** het ek nie bedek nie. Ek het gesê: Ek wil aan die HERE my oortredinge bely; en U het die ongeregtigheid van my sonde vergewe’.

Hy sê: ’My sonde het ek aan u bekend gemaak’. Wat was die sonde? Die uitwaartse manifestasie van dit wat in hom was – dit was die owerspel en dade met Batseba - die vrou.
Dan gaan hy aan: ‘My ongeregtighede het ek nie bedek nie / nie geheim gehou nie’.

Hoe het dawid se seun Salomo gelyk? Hy het 300 vrouens gehad! Dawid was vry. Salomo het egter die ongeregtigheid geërf.

God roep uit na ons as gelowiges: 'Moenie daardie ding in jou geheim hou nie – moet dit nie langer wegsteek nie'.
Dawid kon sê: Ek bely dat daar 'n ding in my is, en dat ek kies om dit oop te maak, en te hanteer.

Ons moet verstaan dat deur dit te doen, hy homself weer in 'n posisie geplaas het waar God hom kon seën. God kon hom nou weer begin seën, al het hy nie net seksuele sonde gehad nie, hy het nog die man ook laat doodmaak in die oorlog! Ons moet nie ophou om God te dank vir die krag van vergifnis in ons lewe!

Wat het nou intussen met my nageslag gebeur?

Ons moet besef dat wat in ons is ook deurgaan na ons kinders toe.
Israel is besig om deur die woestyn te trek Kanaän toe.
Agan laat toe dat die ding in hom goed steel by Jerigo. Nadat Agan sonde gedoen het in die woestyn, wat het met sy kinders gebeur? Hulle is saam met hom doodgemaak, want die ongeregtigheid van steel het hulle alreeds oorgeërf. Dit het die banvloek veroorsaak.

Dinge gaan van vaders oor in sy kinders. Ons hoor wat vaders in die hof sê nadat hulle hul kinders seksueel molesteer het.
Hy sê: 'Daar was iets in haar (my dogtertjie van vier), wat my uitgelok het, en die volgende oomblik het ek aaklige dinge aan haar gedoen.'

Belangrik: Daardie kind is gebore met 'n seksuele wellus-gees in haar. Sy het dit by haar pa geërf.
Omdat pa dieselfde gees van wellus in hom het, trek hierdie geeste mekaar aan. Dis hoekom pa's dan al die anders susters ook molesteer – hulle het dit almal by hom gekry!
Hierdie geeste trek mekaar aan! As 'n man in wie hierdie gees van wellus is in aanraking kom met 'n meisie wat ook so 'n gees in haar het, sal hierdie geeste mekaar aantrek. Dis dieselfde gees.
Die sterkste gees wat mekaar aantrek is die homoseksuele of lesbiese gees. Hulle noem dit 'gaydar' ('Gay radar')

Daarom: Geen meisie wat gemolesteer word terwyl sy jonk is, kan dit oorkom as sy nie die gees van wellus in haar het nie.

Ek het altyd gedink dié gees kom in as sy gemolesteer word en dis hoekom sy later sukkel op seksuele vlak. Dis verkeerd.
Sy kry nie die gees by haar molesteerder nie – dié gees, as hy daar is – is al daar sedert geboorte. Sy het hom by pa geërf!

Baie mense kom nou en sê: Ek het nooit iets snaaks by my pa opgemerk nie. Ek was nie van hierdie dinge bewus nie.
Die rede: Pa was tot so 'n mate in beheer dat hy hierdie dinge in hom kon onderdruk. Hy kon sy eie probleem hanteer en het niemand ooit daarvan geweet nie. Dis sonde-hantering.

Dogters vind dit soms moeilik. Weet vrou, jy het dit geërf, maar wees in beheer. Die probleem kan nie deur jou as vrou deur die generasielyn gaan nie, maar, die man wat jy mee getroud is, hoe warm is sy bloed? So gaan dit nou deur hom na jou kinders toe.

Ek sien nou die dag 'n ma wat kom kla dat haar dogtertjie in die kleuterskool probleme het. Daar is twee seuntjies wat voordurend haar broekie wil aftrek by die skool. Dit gebeur nie met die ander kinders nie, net hulle drie. Daardie dogtertjie en die twee seuntjies het aldrie so 'n gees geërf – dit trek mekaar nou net aan.
Met navraag by die ma, oor waar die pa van die dogtertjie is, kom die antwoord: Hy het my gelos en het nou al by twee verskillende vrouens gaan intrek. Daar is jou antwoord – dis eintlik in hom.

Ek wil dit hier bysê: Ek weet daar is baie verkragtings wat polities verbind kan word en ou mense wat om sekere intimidasie-redes verkrag word, maar ek praat nie nou daarvan nie.

Ons as vaders het nou 'n taak:
'n Hele klomp goed het van ons af in ons kinders ingegaan. Ons moet almal by die punt kom waar hierdie dinge hanteer moet word.
As daar iets in jou was - al voor jou bekering en vrymaking, is dit alreeds deur na jou kinders toe – maak nie saak hoe oud hulle is nie.
As ons kan, moet ons by ons kind kan sit en sê: 'Ek weet wat is moontlik in jou lewe, en ek wil jou help om dit te hanteer'.

Of jou kind gaan dalk eendag by jou kom en sê:
'Pa, ek het goed in my lewe waarvan ek nie hou nie.
Ek het nog nie sonde gedoen nie, maar ek hou nie hiervan nie.'
Dan kan pa sê: 'Seun, ek weet presies waarmee jy sit. Ek het dieselfde ding ook in my gehad, en ek het dit na jou oorgedra.'

Nou kan pa by hom sit en sê:
Om vry te kom, moet jy:
* Verantwoordelikheid neem vir wat in jou is.
* Jy moet besef jy alleen kan jouself nou help.
* Bely dat dit wat in jou is ongeregtigheid is.
* Lê dit af.
* Vra God vir Sy vergifnis en heling, en
* Stap uit dit uit.

Die vader moet aan God bely dat hy hierdie ongeregtigheid op sy kinders oorgedra het.
Die seun moet sy vader vergewe dat dit gebeur het.
Indien daar nie so 'n openlike verhouding is nie, moet die kind hierdie stappe alleen volg.

Ons moet weet: God kan ons vrymaak!
Jesus het nie gesterf sodat ons 'n sonde-hanterings program moet volg nie. Hy het gekom om ons volkome vry te maak.

GEBED:

Vader,
* Ek neem volle verantwoordelikheid vir die ongeregtigheid in my.
* Ek neem eienaarskap vir dit en ek vergewe nou my vader, oupa en oupagrootjie, want hulle het nie geweet wat hulle doen nie.
* Ek stel hulle vry en vergewe hulle.

Vader,
* Ek bely hierdie ongeregtigheid van .....as sonde.
* Ek lê dit af en stap uit dit uit.
* Ek aanvaar U vergifnis Vader en U reiniging.
* Reinig ook elke sel in my liggaam.
* Ek hanteer nie my sonde verder nie, ek is vry – in Jesus se Naam.

AMEN.

SELF-BEVRYDING

Elke gelowige het ‘n verlede, en elke sondaar het ‘n toekoms.

Emosionele genesing begin en eindig by jou.
Dis ‘n keuse wat jy moet maak.
Ek glo dat die geloof in jou om bevryding en genesing te ontvang, en ‘n kontak, jou kan genees. Hierdie kontak kan ‘n persoon, ‘n berader, ‘n seminaar of die kerk wees.
Ons voorbeeld is die vrou wat aan bloedvloeiing gely het. Sy het gesê: ‘As ek net aan Hom kan raak, sal ek gesond word’. Daarom sê Jesus vir haar: ‘Vrou, jou geloof het jou gered’.

Vir 4000 jaar leer ons oor redding en wedergeboorte.
Daarom kan ons so maklik glo dat iemand gered kán word – net één gebed, en hy is gered.
Maar, niemand het in 200 jaar ons geleer oor genesing nie.
Daar is soveel twyfel of iemand gesond kan word met een gebed.
Kan jy glo wat kon gebeur het as almal die afgelope 200 jaar vir ons aanmekaar geleer het dat God werklik mense kan genees.
Ek moedig jou aan: Vat daardie openbaring en word gesond!

Ons moet weet wie die Bevryder is en wat Hy doen voordat ons bevry kan word.

Proverbs 6:5;

'Free yourself, like a gazelle from the hand of the hunter, like a bird from the snare of the fowler’.

Spreuke 6:5;

'Red jou soos ‘n gemsbok uit die hand **van die jagter**, en soos ‘n voël uit die hand van ‘n voëlvanger’.

Wat is die eerste erkenning wat elkeen van ons moes maak toe ons tot bekering gekom het? ‘Ek is ‘n sondaar’.
Wat sê die Bybel daaroor? ***Romeine 3:23;***

‘Want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God’.
Dit is waar alles begin. Sonde bly ons grootste vyand.

Wat is sonde? ***Jakobus 4:17;***
‘Wie dan weet om die regte ding te doen, of om goed te doen, en dit nie doen nie, vir hom is dit sonde.

Die oomblik dat jy jou hande opgesteek en gesê het: 'Ek neem U aan Jesus', het jy eintlik vir die wêreld erken: Ek is onvolledig, ek is nie perfek nie, ek stap uit my ou lewe uit in 'n nuwe een in.

Daar is nou nog areas in jou lewe waar jy die krag nodig het wat jy ontvang het toe jy tot bekering gekom het.
Almal moet besef dat jy begin het met 'n reis van krag.
Daar is net een probleem: Die kerk het oor jare Christelikheid aan jou voorgehou as 'n godsdiens.
Toe jy Christus gesien het as 'n godsdiens, het die kerk jou geleer hoe om 'n Christen te wees en dit het die kragdimensie in jou lewe totaal onderdruk. Om net 'n Christen te wees is volgens hulle 'n lewe met reëls en regulasies.

Wat is die reis dan? 'n Persoonlike dag-vir-dag wandel.
Wedergebore soos wat ons is, is ons stryd daagliks teen sonde.
Wat sê die Woord in Spreuke 6:5?
Red jouself ('free yourself') van iets. Bevry jouself ('deliver yourself')

Mattheus 6:9-13; **Die onse Vader**.
'Só moet julle dan bid: Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde;
gee ons vandag ons daaglikse brood;
en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe;
en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose.
Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.

Wat beteken dit om verlos te word van die bose?
Wie of wat is 'die bose'. Die bose beteken dat daar 'n bose ding, 'n bose persoonlikheid, of 'n bose gesindheid in jou ingekom het, waarvan jy verlos moet word. Wie moet dit doen? Jyself.

Wat het voorheen gebeur? Daar is verseker areas in jou lewe wat beïnvloed is voordat jy tot bekering gekom het. Die verlede het jou blootgestel aan 'n klompie negatiewe dinge, en nou neem daardie dinge tyd om uit jou uit te kom.

Wat kon ingekom het?
Ons praat hier eerstens oor **'n skuldgevoel** wat in jou ingekom het.
Is dit moontlik om daagliks skuldig en sondig te voel? JA.

Wedergebore soos ons is, is ons gelaai met skulgevoelens.
Dinge wat net jy weet.

* Om te voel dat jou sonde nog nie vergewe is nie, steel jou self-vertroue. ‘n Skuldgevoel wil die hele tyd vir jou vertel hoe sleg jy is.

* Om skuldig te voel maak dat jy geen vrymoedigheid het om andere te bedien nie.

* Om skuldig te voel is ‘n bose krag wat jou aanhou herinner aan jou sondes, waarvoor God jou lankal vergewe het.

* Skuldgevoelens maak dat jy altyd voel jy moet bely.
Later voel jy so veroordeeld dat jy niks positiefs kan doen nie.

* Om te voel jy is nog sondig, maak jou altyd ongemaklik.
Die oomblik dat jy in die teenwoordigheid van heilige mense kom, sal jou skuldgevoel altyd vir jou sê: Moenie dink jy is deel van hulle nie. En as jy dink daaraan om in outoriteit te stap en in krag sal dit vir jou sê: Ag, moenie eers probeer nie. Jy weet dat jy nie reg is nie.

* Het jy al ooit iemand gesien wat skuldig voel?
Jy kan dit meestal op hulle gesigte lees.

* Soms sal jy rondloop en sommer dink jy is lelik.
Hoe kan jy? Jy is gemaak na die beeld van God.

* Om sondig te voel sal jou vertel: Moenie eers na daardie meisie kyk nie. Sy is te pragtig vir jou.
Kyk na jou ou neus! Moet nie eers begin nie – kyk na jouself!

* Om al ewig sondig te voel, gaan jou elke dag herinner aan jou verlede. Jou herinner aan al die slegte dinge wat jy ooit gedoen het, en jou dit laat onthou. ‘n Skuldgevoel maak jou sommer bewerig al is jy in die teenwoordigheid van die Here.

* Om skuldig en sondig te voel neem jou uit die kragdimensie van God uit. Hoe kry jy dit reg? Die duiwel sal elke dag vir jou vertel en herinner aan alles wat sleg is wat jy al gedoen het.
Hy sal jou kom oortuig dat jy vir ewig so sal wees en dat jy nooit sal kan verander nie!

* Wie is ‘n skuldgevoel? ‘n Demoniese gees. Dit kan tog nooit God wees nie. Saam met wie werk hierdie gees? Selfveroordeling.

Die Bybel sê duidelik: Laat daar dan geen veroordeling wees in Christus Jesus nie. Aanvaar jouself – hoe sleg jy ook al voel.

* Om skuldig te voel maak dat jy gebede herhaal.
Hou op bid vir goed wat God alreeds vir jou gegee of belowe het.
Moet nie weer bid: 'O God, moet my nie verlaat nie asseblief!', as Hy alreeds vir jou gesê het dat Hy jou nooit sal verlaat nie.
Moet nie oor en oor vra dat God jou moet vergewe, as Hy jou alreeds vergeef het nie.

* Skuldgevoelens kan maak dat jy verkeerd bid.
Dit leer jou om elke keer as jy bid, jy voel dat jy jou sonde moet bely. Wie sê jy het sonde?
Elke keer is daar 'n rympie waarmee jy begin: 'Vader in die hemel, ek kom in Jesus Naam, en ek kom om te vra: Vergewe my van al my sondes'.

Dis nie wat die Onse Vader ons leer nie. Dis teen die voorbeeld van die Onse Vader.

Hoe het Jesus hulle geleer om te bid?
'Onse Vader wat in die hemel is, laat U naam geheilig word'.
Dit begin nie met vergifnis nie – dit eindig daarmee.

* As daar onbelede sonde in jou is, is daar altyd gevolge.
Onbelede sonde beteken dat jy dit net nog nooit opreg vir God bely het nie. Dit kan ook beteken dat jy dit alreeds bely het, maar jy besef nie God het jou al vergewe nie.

Voorbeeld:
Hier kom 'n vrou wat 'n aborsie laat doen het 'n tyd gelede.
Na die aborsie kom sy werklik tot bekering en een dag draai sy na God toe en sê: 'Vader God, vergeef my vir wat ek gedoen het. Ek is so jammer ek het 'n lewe verwoes. Ek kom bely my sonde in opregtheid aan U'.

Weet jy wat doen God? Hy vergewe jou en verwyder net daar die sonde van die daad. Wat sê God nou vir haar: Ek sal daardie babatjie van jou nou hemel toe neem. Daar sal Ek hom grootmaak soos die Vader wat ek is. God sê nou vir daardie foetus: Jou mamma sal eendag ook hierheen kom.
As sy kom, aanvaar haar want sy het haar dinge met My reggemaak.

Sy is nou nie reg om jou groot te maak nie, maar Ek sal, want Ek is die vader van die skepping. Daarna kom daar ‘n amnesia in God in en Hy vergeet daardie sonde, vir ewig.

‘n Tydjie daarna kom ‘n skuldgevoel soos ‘n demoon na haar toe en sê: Mevrou, onthou daar is bloed aan jou hande.
Die bloed van ‘n onskuldige. Onthou net dat ek weet daarvan.
Moenie nou maak of jy onskuldig is nie.
Skielik is daar twyfel in haar hart en sy loop nou daarmee in haar.

‘n Paar maande later kom daar ‘n besoekende predikant en sê vir die gemeente: As jy ooit ‘n aborsie laat doen het, bly agter dat ek vir jou kan bid, anders is daar ‘n oordeel oor jou.

Sy kom nou weer voor God staan en roep uit: Hemelse Vader!
Hy is skielik net daar: ‘Ja my kind, kan ek help?’ Sy roep: ‘Vader, vergewe my sonde asseblief!’ ‘Watter sonde my kind?’ ‘Die sonde van ‘n aborsie’. ‘Dit is snaaks, maar Ek kan dit nie onthou nie. Hier by my is niks daarvan op die boeke nie. Gaan, alles is reg’.
Sy twyfel, en ‘n erge skuldgevoel kom in. Skielik hou sy aan om die sonde te bely.

Wie beledig God nou? Sy, want ‘n skuldgevoel maak dat jy God blameer of wantrou. God sal maar net weer kom en sê: Onthou, Ek het jou vergewe. Dis alles verby. Moet nie soos ‘n sondaar leef nie. Jy het persoonlike bevryding ontvang.

* Dit bring ons by die deel waar mense sukkel om vrede te maak as daar ‘n geliefde afgesterf het:

Almal het baie ruimte vir die normale rouproses om plaas te vind.
Dit kan maande neem om weer jou voete te vind.
Maar, soms gaan daar jare verby en ons rou nog steeds.

Die enigste rede waarom iemand aanmekaar sukkel om emosioneel klaar te maak, is dat jy nie vrede het dat die persoon dood is nie.
Jy bevraagteken die vroeë en ontydige dood.
So baie keer is daar verwyte.

Die groot ding wat jou hier vashou is dat jy nog nie vrede gemaak en nog nie klaar gemaak het nie.
Daar is elke dag nog kontak met die oorledene.
Daar is foto’s, sy klere wat hy aangehad het, geraamde gedenkwaardighede, jy dra nog sy ring.

Daar is selfs foto's waar die ongeluk was en ook foto's en verslae van sy lykskouing. Jy lewe en klou daaraan vas.
Ek het ook iemand gehad wat agt jaar na haar man se dood, nog steeds elke maand sy klere laat droogskoonmaak het!

Die genesingsproses begin die dag wanneer jy dit gaan regkry om alles wat aan daardie persoon behoort het, weg te bêre.
In motballe, in 'n kartondoos en in die buitekamer in 'n kas. Dis al.
Alles – die juwele en die ring en ook die laaste foto van hom.
Ja, die een op jou selfoon ook!
Hierdie oorwinning is joune. Niemand moet vir jou bid of iets nie.
Dis soos om op te hou rook,ens. Jy sit dit neer en jy maak klaar.
Mense wat altyd sê hulle was nou al orals vir genesing – ja selfs gehipnotiseer – en is nog nie gehelp nie. Dis reg – jy wil jouself nie help nie. Almal weet tog daar gaan 'n punt kom waar daar hard gepraat word. Opsom: Dis jou verantwoordelikheid!

Jesus Christus het jou vrygekoop. Hy het jou verlede gekoop met Sy bloed. Daarom behoort jou verlede aan hom.
Jy het dus geen reg om terug te gaan in jou verlede nie.
Jesus het ook daardie seun van jou wat dood is vrygekoop met Sy bloed. Jy het geen reg om hom terug te wil hê as hy alreeds gekoop is met die bloed nie.

Die vrae nou is:
* Glo jy dat God jou **wil** gesondmaak? (Hy het klaar gesê Hy is die geneesheer)
* Glo jy dat God jou **kan** gesondmaak?
* Glo jy dat Hy jou nou **gaan** gesondmaak?

Mense word ook gevangene gehou deur **wrokke in hulle lewe**.

Loop jy rond met 'n wrok in jou lewe wat maak dat jy nie God se doel in jou lewe kan ontdek nie?

Die maklikste manier om daarvan ontslae te raak is om deeglik na jou eie hart te kyk. Baie keer kom daar 'n wrok in jou hart sonder dat jy eers daarvan bewus is.

Wanneer 'n spesiale vriend, of 'n ou vriendin, 'n kollega of 'n familielid hulle neuse optrek vir jou op die verkeerde tyd, gebeur daar iets: Skielik is hy daar – 'n wrok.

Nou sit hy en hy krap en krap en krap in jou.
Elke keer wanneer daardie mens iets doen wat jou aan daardie gewraakte dag laat dink, spring elke haartjie in jou nek orent!
Húlle was verkeerd en húlle moet dit regmaak! Is mos.

Dis baie moelik om daarvan ontslae te raak omdat jy wéét dat jy sou nooooit so iets aan húlle gedoen het nie.
Jy is tog immers nie agterbaks of skynheilig nie. Of is jy?

Hoe gaan jy nou daar uitkom?
Moet nie nou oor-en-oor sit en dink aan wat gebeur het nie.
Nee, dit gee net aanleiding tot emosies.

Gaan sit nou en kyk na jouself.
Kyk of daar nie maar ook net sulke swak eienskappe in jou is as wat daar in jou vriendin is nie.
Jy sal sien hoe jy ook maar net aan dieselfde dinge skuldig is – dalk net op ‘n ander manier.

Ek persoonlik word maklik gegrief deur mense wat sleg bestuur en onverstandig optree op ons paaie, en ek sê dit soms sommer.
Nou die dag ry ek ingedagte ook oor ‘n stopstraat!
Nou moet ek sowaar ook gaan sit en almal vryspreek wat ek so maklik verwyt het. Ook maar net mens.

OPSOM:

Hoe gaan ons nou klaarmaak?

* Erken dat daar iets in jou is wat nog nie reg is nie.

* Neem verantwoordelikheid daarvoor.

* Spreek almal wat iets daarmee te doen het vry en haal hulle van jou rug af.

* Bely aan God dat hierdie ding jou laat sondig het.

* Stap nou daaruit.

.....

HOE REAGEER JY AS JY BESKULDIG WORD?

Hoeveel keer was daar ‘n reaksie in jou as kritiek en beskuldigings teen jou kom? Hoeveel keer het dit die sleg in jou na vore laat kom? Sonde en die sleg in jou verlede is misleidend.
Dit kos ons meer as wat ons dink.

Het alle beskuldigings teen jou, net altyd slegte gevolge?
As ons lees in die Bybel hoe die ‘man na God se hart’, koning Dawid reageer het op onregverdige beskuldigings, kan ons ‘n les daaruit leer. Hoe het hy reageer in die donkerste dae van sy lewe?

As ons elke dag na die televisie en die media kyk is ons so bewus oor hoe mense optree as hulle beskuldig word en as dinge oor hulle openbaar word. In Suid-Afrika kyk ons tans na hofsake van belang-rike persone. Bekende sportmanne en selfs die president van ons land reageer teen die aanklagte teen hulle. Alles wat hulle aangevang het is nou openbaar gemaak en kyk net hoe het hulle reageer.

Wat van koning Dawid?
Die man het tog geweldig gesukkel met al die ongeregtighede wat hy ge-ërf het. Daar was maar altyd ‘n streep in sy lewe.
<u>Onthou:</u> Jy is nie verantwoordelik vir wat mense van jou dink nie, maar jy is verantwoordelik vir wat jy aan mense gee om oor jou te dink. As jy vir hulle ‘n stok gee, gaan hulle jou daarmee slaan.

Dawid, toe koning van Israel, bereik ‘n laagtepunt in sy lewe. Een van sy eie seuns het beheer oorgeneem oor die hele weermag van Israel en gevolglik moet die koning en dié wat getrou is aan hom, vlug vir hul lewens. Hulle verlaat Jerusalem inderhaas.

2 Samuel 15:13-16;
‘Toe daar dan ‘n boodskapper by Dawid kom en sê: Die hart van die manne van Israel is agter Absalom aan - het Dawid aan al sy dienaars wat by hom in Jerusalem was, gesê:
Maak klaar en laat ons vlug, want daar sal vir ons geen ontkoming wees voor Absalom uit nie! Maak gou om weg te kom, sodat hy ons nie miskien gou inhaal en onheil oor ons bring en die stad met die skerpte van die swaard verslaan nie.
En die dienaars van die koning sê vir die koning: Net soos my heer die koning verkies—hier is u dienaars!
En die koning het uitgegaan met sy hele huis agter hom aan, maar koning het tien byvroue agter laat bly om die huis op te pas’.

Hulle verlaat die stad in trane. Hulle hoofde bedek en sonder skoene.
Terselfdertyd begin die feesvieringe in Jerusalem.
Daar is 'n nuwe koning op die troon.
Soos Dawid en sy volgelinge wegvlug voor hulle eie mense, eindig hulle tussen Jerusalem en die Jordaanvallei.
Skielik is daar 'n nuwe gevaar. 'n Man kom aan wat klippe na die koning gooi en hom probeer seermaak.
Hy beskuldig Dawid van moord en klagtes teen sy heer Saul.

2 Samuel 16:5-8;
'En toe koning Dawid tot by Bahúrim gekom het, kom daarvandaan juis 'n man te voorskyn uit die geslag van die huis van Saul met die naam van Símeï, die seun van Gera; hy het uitgekom en gedurigdeur gevloek en Dawid en al die dienaars van koning Dawid met klippe gegooi, alhoewel al die mense en al die helde aan sy regter— en aan sy linkerkant was. En dit het Símeï gesê terwyl hy vloek: Weg, weg, jou bloedvergieter en jou deugniet!
Die HERE het al die bloed van die huis van Saul, in wie se plek jy koning geword het, op jou laat neerkom; en die HERE het die koningskap in die hand van jou seun Absalom gegee, en hier is jy nou in jou ongeluk, omdat jy 'n bloedvergieter is'.

Wat 'n beskuldiging! Hierdie man kom sê vir Dawid dat hy nou die loon ontvang vir sy verkeerde dade! Dawid sit daar, omring deur sy manne. Een van Dawid se offisiere is woedend oor die aanklagte en is net daar bereid om hierdie man se kop af te kap.
2 Samuel 16:9;
'Toe vra Abísai, die seun van Serúja, vir die koning: Waarom moet hierdie dooie hond my heer die koning vloek? Laat ek tog oorstap en sy kop afslaan!'

Maar, Dawid weier dat hy dit doen.
Inteendeel, Dawid maak dit duidelik dat God dalk besig is om iets vir hom te sê in al hierdie beskuldigings. ***2 Samuel 16:10;***
'Maar die koning sê: Wat het ek met julle te doen, seuns van Serúja? As hy vloek, en as die HERE aan hom gesê het: Vloek Dawid! wie mag dan vra: Waarom maak jy so?'

In hierdie spesifieke tyd van sy lewe wys Dawid dalk aan ons waarom almal wat die Bybel lees, moet onthou hoekom hy "n man na God se hart' was.
Hier is hy nederig en gebroke oor alles wat hy verkeerd gedoen het.

Dawid is baie bewus daarvan dat sy leierskap van Israel gekenmerk was deur persoonlike foute en mislukkings.
Jy besef nie altyd dadelik dat die probleem nie die sonde is wat jy doen nie. Dis die sonde wat jy onwetend doen wat die probleem is.
Daar was die verhouding met die getroude vrou en die moord op haar man.

Dawid weet die volk het hom nie regtig daarvoor vergewe nie.
Hy het al die rede in die wêreld gehad om te wonder of al die beskuldigings van die mense eintlik nie net God is wat met hom praat nie.

Ongelukkig was daar so ‘n sterk vloei van seksuele ongeregtigheid in Dawid en dan natuurlik ook in sy kinders.
In 2 Samuel 13 lees ons dat Dawid se eersgeborene seun Amnon, sy half suster Tamar molesteer en verkrag. Die seksuele sonde wat in hom was, was ook in haar. Dit gaan soos so dikwels deur die familiebande. Twee jaar later kom Tamar se broer, Absalom, en oorval en vermoor vir Amnon oor wat hy aan sy suster gedoen het.
Hierdie teleurstellings het Dawid se hart gebreek.
Een seun vermoor, sy dogter verkrag en verwoes en die ander seun nou ‘n vlugteling na die moord op sy broer.

Jare gaan verby voordat Dawid weer toestemming gee dat Absalom mag terugkeer na Jerusalem. Die koning laat Absalom terug kom, maar weier om hom te sien vir nog jare lank. Dit was ‘n groot fout.
<u>Pa en ma:</u> Jy mag nooit in ‘n posisie kom waar jy jou kinders nie wil sien nie! Al hierdie dinge het Absalom kwaad en bitter gemaak.
Hy was woedend dat Dawid hom al hierdie jare verwerp het.
Hy het nie geglo dat sy vader regtig verander het nie.
Hy kom terug, maar in wraak.

Absalom gebruik sy invloed en buit al sy vader se mislukkings uit.
So wen hy die harte van die manne van Israel.
Hulle kies hom as koning in sy vader se plek.
Toe Dawid hoor dat al die manne van Israel nou agter Absalom staan, besef hy dat hy en dié wat getrou is aan hom, vir hulle lewens sal moet vlug. Sy seun was duidelik daarop uit om sy bloed te soek.
Dus verlaat Dawid en sy manne inderhaas Jerusalem.
Dawid weet dat alhoewel die wêreld vol is van swaarkry, is dit ook vol van die oorkom daarvan.

Ons is weer terug waar Simei, een van Saul se familielede die persoonlike aanval op Dawid loods.
Toe Abísai aanbied om Simeï dood te maak, weier Dawid dit.
Inteendeel, Dawid voel in sy hart dat God met hom praat.
Dawid sê daarop: 'My eie seun probeer om my dood te maak. Het hierdie familielid van Saul nie dalk nog groter rede om dit te wil doen nie? Los hom uit, laat hy my maar vervloek, want God het aan hom gesê om dit te doen. Dieselfde God kan dalk deur al hierdie beskuldigings guns aan my bewys'.

2 Samuel 16:11-13; Terwyl Dawid en sy manne aanhou loop, volg Simeï hulle en gooi klippe en stof in die lug.

Net soos wat Dawid vroeër nie sy hand gelig het teen koning Saul nie agv. sy vrees vir die Here – net so doen hy nou aan hierdie bitter navolger van Saul se familie. Die feit dat Dawid hom begenadig wys sy begeerte om te verander. Al was hierdie man totaal verkeerd in sy beskuldigings. Dawid het nooit iets verkeerd teen Saul gedoen nie.

Dawid se reaksie laat ons nou na onsself kyk.
Hoe reageer ons op sulke aanklagte? Die probleem is nie die probleem nie. Die probleem is jou gesindheid teenoor die probleem.

Die feit dat Dawid die deur van sy huis vir sy seun Absalom toegemaak het, was 'n groot fout.
Jou kind mag fouteer, hy mag jou teengaan, maar jy mag jou deur vir hom nie toemaak nie. As hy wil kom regmaak en jou deur is vir hom toe, gebeur dinge soos wat ons hier lees.
In die gelykenis van die verlore seun was daar een belangrike ding: Sy pappa se deur was altyd vir hom oop – en hy het die geweet!
En hy het teruggekom!

Het ek en jy leerbare harte vir hierdie omstandighede?
Het ons altyd kritiek reg hanteer?
Het ons nie altyd te maklik op ons eie perdjie gespring nie?
Het ons ook nie kwaad met kwaad beantwoord nie? Moes ons nie ook al gaan stil sit het en wonder of God nie dalk in liefde met ons praat deur ander mense nie? Is goeie kritiek dan altyd verkeerd?

Wat sal gebeur as ons almal Dawid se wysheid begin toepas?
Wysheid wat geleer is na swak oordeel en swak oomblikke in ons lewe. Wat is die ergste wat kan gebeur as ons toelaat dat die beskuldigings van die vyand, ons oor kan terugdraai na God toe?

Sou ons ons tyd gemors het deur wys op te tree toe ons na ‘n halwe waarheid van die vyand geluister het?
Ons moet weet dat daar altyd ‘n vyand is wat geen begeerte het om ons te vlei of mooi woorde oor ons te sê nie.
Daar gaan altyd ‘n toets in jou lewe wees. Baie van die toetse is dalk al ou nuus, óf ou vergeefde sondes óf sommer net totaal onregverdig.

Ons sal geestelik armer wees as ons nie die kans gebruik om te probeer onthou wat die regte waarheid oor ons is nie.
Ons moet altyd weet dat die regte waarheid oor ons verlede, dalk baie erger is as wat ons menslike vyande dink.
Jou vyande weet nie eers regtig wat jy alles aangevang het nie!

* Kan die wete van hoeveel ons van God se genade afhanklik is, iets wees wat ons vergeet?

* Een van die moeilikste dinge in die lewe is om te verander - om dinge te laat staan. Ons veg so om vas te hou aan die verkeerde.
As ‘n mens genoeg moed kan bymekaar skraap om te begin, het hy genoeg moed om sukses te behaal.

* Om te verander begin by jou. Soos jy dan verander binne in jou, so sal die wêreld om jou ook verander.

* Mag elkeen van ons ‘n gees van wysheid ontvang soos koning Dawid.

* Mag ons genade ontvang om te luister of ons nie God se stem hoor ten midde van die beskuldigings van ons vyande nie.

* Mag ons in hierdie tye van besoeking ook onthou hoe Jesus Christus nooit kwaad met kwaad vergeld het nie, maar tot aan die einde aan God getrou was.

Wat dan is die verskil tussen ‘kennis’ en ‘wysheid’?
Kennis het alreeds gebeur. Dis iets wat ek moet weet.
Wysheid is die manier waarop ek my kennis maksimaal kan gebruik.
<u>Prakties:</u>
Kennis: Tamaties is vrugte – dit het pitte. (Dis nie groente nie).
Wysheid: Dis om te weet om nie tamaties te gebruik as vrugteslaai nie!

.....

BEHOEFTE AAN LIEFDE

Ons moet besef dat ons hier op aarde die liggaam van Christus is – een groot familie.
In hierdie liggaam het elkeen ‘n belangrike rol om te speel.
Ons is almal voorbidders en ons is almal diensknegte van mekaar.
Ons is egter geroep om mekaar se laste te dra en mees belangrik:
Ons moet mekaar leer verdra en mekaar help om verbreekte verhoudings weer te herstel. Dis ons Godsgegewe taak.
In hierdie liggaam is daar egter soveel seer en tekorte.
Die grootste rede: ‘n Behoefte aan liefde.

1 Korinthiërs 13:4-7;
‘Die liefde is geduldig en vriendelik; die liefde is nie jaloers nie; die liefde praat nie groot nie, is nie verwaand nie.
Dit handel nie onwelvoeglik nie, soek nie sy eie belang nie, word nie verbitterd nie en hou nie boek van die kwaad nie.
Dit verbly hom nie oor onreg nie, maar verheug hom oor die waarheid. Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles’.

Hierdie is die ware liefde waarvan die Bybel praat.
Dis die suiwer, onvoorwaardelike liefde.
Hierdie liefde sê: ‘Ek is nie net lief vir jou as jy goed en soet is nie. Ek is altyd vir jou lief, al doen jy wat, want Ek is liefde, sê God’.

Hierdie is die liefde wat ons ook as kinders van ons ouers en familie moes ontvang het. Die grootste rede waarom ons as kinders nie opregte liefde ontvang het nie, is meestal omdat ons ouers ook nie ware liefde geken het nie. Hoe kan jy iemand leer oor liefde, as jyself nooit regtig opreg liefgehê is nie?

Wat het nou gebeur in jou lewe as jy nie hierdie soort liefde ooit ontvang het nie? Daar is ‘n gaping in jou lewe.
As jy enige soort maatstok neem, dan is 100% dit wat jy moes ontvang het. Maar as jy eerlik is, besef jy dat jy net 80% ontvang het. Daar is ‘n gaping van 20% in jou lewe.
Die gevolg is dat jy vir die res van jou lewe probeer om hierdie gaping te vul. Jy sien wat in ander se lewe gebeur en besef: ‘Hier het ek iets verloor!’
As jy as kind nie hierdie onvoorwaardelike liefde ontvang het nie, is al die deure van jou lewe oop, en waai daar wind in jou lewe.
Dit is eers as ons begin groter word dat ons besef iets is verkeerd.

Die oomblik as puberteit en die hormone kom, besef ons baie dinge. Die eerste probleem is my verhoudings. Ek besef skielik dat ek en my pa of ek en my ma nie regtig 'n liefdesverhouding het nie.
Die res van die familie doen maar net hulle eie ding – en snaaks genoeg: Ek gee nie om wat hulle doen nie, solank as hulle my net uitlos.

Die behoefte aan liefde neem jou nou in 'n wêreld in waar jy liefde op allerhande verkeerde plekke begin soek.
Almal se eerste reaksie is om terug te trek. Die verwerping word erger soos ek groter word. Eers is ek stil, dan kom die kwaad.

Seuns of jong manne gaan ook nou deur fases.
Jy het so 'n groot begeerte om jouself te bewys. Jy wil bewys dat jy 'n man is en dit kan vat. Hulle begin spoeg, rugby speel, rook en doen die allerverskriklikste dinge net om te wys ek is nou 'n man. Opstandigheid kom in en niemand mag aan my raak nie.
Jy is skielik bewus van die meisielywe om jou en gewoonlik maak dit hulle heeltemal deurmekaar.

Voorbeeld: Ek praat met 'n jonggetroude man:
Meneer, in jou ouerhuis – het jou pa ooit vir jou ma blomme gekoop?
Blomme? vra hy. Nee, nooit nie.
Meneer, koop jy vir jou jong vrou blomme? Nee oom, hoe kan ek ooit iets doen as ek dit nog nooit gesien of ervaar het nie

Hoe lyk meisies wat presies dieselfde ervaar?
Daar is so 'n groot behoefte om raakgesien te word en bewonder te word. Die eerste wat gebeur as hulle ouer word is dat hulle borste oopgaan. Hoe laer die hals, hoe meer manne loer en sy voel iemand stel belang. As meisies in hierdie stadium nie leiding ontvang nie, gaan alles verkeerd. Opstandigheid kom en hulle val in liefdesverhoudings wat hulle duur kos. Skielik is seks liefde, en niemand kan vir hul iets sê nie – allermins die klompie by die huis, want sy voel dis hulle wat verantwoordelik is vir haar gedrag.

Hoe lyk die behoefte aan liefde later?
Dit presenteer in mense en ook hier in die kerk as:
1. Bitterheid.
2. Verwerping.
3. Teleurstelling.
4. Beskuldigings.

5. Jaloesie en afguns.
6. Liefdelose gees.
7. Spanning en depressie.
8. Vrees.
9. Verslawing.
10. Alternatiewe godsdienste of die okkulte.

1. Bitterheid.
Bitterheid is die eerste ding wat verkeerd gaan. Daarna sit dit om in haat en wraak en soms iets wat iemand anders wil seermaak. Dit gee ook onvergewensgesindheid.

2. Verwerping.
Een van die algemeeste simptome. Jy ontwikkel later ook ‘n vrees om weer verwerp te word en bou moeilik verhoudings. Jy voel asof jy nooit aanvaar is nie en dan bou julle so maklik ‘n muur om julle. Ja, dit hou mense weg, maar dit hou God ook weg.

3. Teleurstelling.
‘n Jong man sê: **‘**Iemand of iets het my hart gebreek. Ek is soveel dinge belowe wat net nooit gebeur het nie. Daardie teleurstellings het my gebreek. My pa het gesê hy gaan vir my ‘n fiets koop. Hy het weggegaan met daardie ander tannie. Ek het hom nie weer gesien nie en hy het nooit vir my ‘n fiets gekoop nie. Vandag sukkel ek so om iemand anders te vertrou want hulle het my teleurgestel’.

4. Beskuldigings.
‘n Meisie sê: Ek was soveel keer beskuldig vir iets wat ek nooit gedoen het nie. ‘Net voordat pappa weg is, het hy én ma gesê dis my skuld dat hulle skei. Dis regtig nie ek gewees nie oom!’

5. Jaloesie en afguns.
‘n Jong vrou sê: **‘**Van jongs af het ek my sussie gehaat. Sy het alles wat myne was probeer vat. Sy was altyd so jaloers op my gewees. Nou dat ek groot is, het ek wraak geneem. Ek het met haar man geslaap en dit vir haar vertel én vir haar gelag!’

6. Liefdeloosheid.
Die oomblik as ‘n huishouding opbreek en die ouers skei of raak vervreemd, kom liefdeloosheid in die kinders in. Hulle weet nie wie moet hulle liefhê nie - pa óf ma.
As hierdie mense groot word vind hulle dit baie moeilik om net vir

iemand lief te kan wees. Hulle sukkel ook baie om liefde te kan ontvang.

7. Spanning en depressie.
Dis soveel keer van jongs af daar. Die spanning om net in ‘n huis te bly sonder liefde, word ondraaglik. As daar ‘n mismoedige of depressiewe geaardheid in die ouers is, val die kinders so maklik later self in depressie.
Hierdie depressie moet soms van jongstyd behandel word.
Dit bly een van die grootste redes vir tiener-selfmoord.

8. Vrees.
Vrees kom in baie kleure na jou toe.
Vrees om weer verwerp te word. Vrees dat niemand jou gaan aanvaar nie. Vrees dat die verhouding waarin jy is gaan opbreek. Daarby die vrees vir die nag, die vrees dat jy gaan swanger word. Die vrees dat hulle my ook wéér gaan verkrag.

9. Verslawing.
Die wortel bly die behoefte aan liefde.
As dít daar is, ontwikkel jy ‘n verslawende persoonlikheid en raak jy so maklik vas aan enigiets snaaks wat jy probeer.
Dit beweeg ook sterk af in die familiebande.

10. Alternatiewe godsdiens of die okkulte.
Daar is so baie uitdagings daar buite.
Omdat die kerk ook nie regtig tot jou redding gekom het nie, het jy alternatiewe dinge gaan ondersoek. Oosterse godsdienste en die okkulte is waar baie van hulle eindig.

Nou, as volwassene, kom jy agter jy het sekere dinge gemis.
Weet één ding: Daar is nog altyd tyd om dinge te herstel!
As jy dit gaan regkry om God se liefde te aanvaar en ook die liefde wat jyself nodig het, sal dit goed gaan.

Beginsels:
* As jy glo dat God nie regtig vir jou lief is of omgee nie, en as jy sukkel om Sy liefde te ervaar, glo jy ‘n leuen.
* Die gevolg gaan wees dat jy jouself ook nie kan aanvaar nie. Jy sal altyd ‘n skuldgevoel hê en nooit tevrede wees met jouself nie.
* Nou begin jy glo dat ander mense jou ook nie aanvaar of liefhet nie.

Die oplossing: As jy God kan liefhê, jouself kan aanvaar en ander leer lief kry, sal jy nooit die behoefte hê om liefde en aanvaarding in verkeerde plekke te soek nie.
Die vyand weet te goed dat as hy jou op ‘n plek kan kry waar jy verwyder voel van liefde en dat jy dalk later ook God wil blameer vir dinge in jou lewe, kan hy jou beheer en jou snaakse goed laat doen. ‘n Mens mag nooit voel jy is verwyder van liefde nie.

As daar ‘n behoefte na liefde is, is geloof een van die heel eerste goed waarmee jy sukkel.
Om heeltemal in geloof te kan loop moes iemand of iets jou as kind beskerm het en liefde gegee het.
Hoe jy jouself sien en hoe jy oor jouself voel, gaan ‘n groot rol speel in jou toekoms. Dit gaan bepaal hoe ver jy sal gaan en of jy ooit jou roeping sal vervul.

Elke persoon het ‘n beeld van homself. Die vraag is net of die beeld wat jy sien en die beeld wat God wil hê jy moet wees, dieselfde is. Onthou: God sien jou as ‘n kampioen. Jy mag dit self nie sien nie, maar dit verander nie God se beeld oor jou nie.

Solank as wat ons vorentoe beweeg en ons beste probeer kan ons ons kop ophou.
* Moet nie toelaat dat hierdie wêreld jou bitter maak nie.
* Moenie dat die aksies van ander mense jou laat koud word aan die binnekant nie.
* Moenie dat wat mense aan jou gedoen het, jou lelik maak nie.
* Ek weet jou lewe is nie altyd ‘n droom nie.
* Jy mag nog probleme hê in sekere areas. Jy mag nog slegte gewoontes hê wat nog gebreek moet word, maar dis reg.

Hou net aan. Gee God net ‘n kans.
Hy is voortdurend besig om jou te verander.
Kry net die blokkasies uit jou kop uit!

.....

VERLOSSING VAN EMOSIONELE SAKE :

Hoe gaan ons heers oor die koninkryk van duisternis?
Staan op in die vrymoedigheid van God wat jou beheer.
Dit is Jesus Christus, wat sit op die troon as die ewige Regterhand van God.

Toe Jesus self Sy program van gereedmaking vir Sy bediening begin het, is Hy alleen die wildernis in om te gaan vas en bid.
Veertig dae en nagte, droë vas. Geen kos en niks om te drink nie. Daar was Hy alleen en gelei deur Heilige Gees. Daar was engele by Hom. Nie om Hom te help nie maar om waar te neem.
Hoekom het Hy dit gedoen? Vir jou en vir my.

Toe Johannes geskryf het: 'Want so lief het God die wêreld gehad', sal ons nooit verstaan hoe lief Hy ons werklik het nie. Jesus het juis hier kom leef om dit aan ons te bewys.

In die wildernis word Jesus versoek.
Satan sê aan Hom: Jesus, U is vol van wonderwerke. Kan U hierdie klippe in brood verander sodat U die vas kan breek, want ek weet U is honger? Ek weet hierdie vas gaan daaroor om mense te red.
Maar Jesus antwoord Satan: 'Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan'.

Satan sê: Ek het hier met 'n godsdienstige te doene en hy neem Jesus na die hoogste deel van die dak van die tempel en sê: Spring af. Daarna kwoteer hy 'n Bybelvers – Satan, nie Jesus nie.
Jesus antwoord: 'Jy mag God nie versoek nie'.

Daarna wys Satan Hom al die koninkryke van die wêreld en sê vir Hom dat hy dit alles aan Hom sal gee as Jesus sou neerval en hom aanbid. Jesus sê vir Satan: Ek weet, maar Ek gaan dit nie doen nie. Jy moet voor My buig Satan.
Maar Satan wou nie en het Jesus verlaat. Hier sien ons die absolute selfversekerheid wat in Jesus was. Hy het niemand iets geskuld nie! Ons moet in dieselfde vrymoedigheid kan beweeg.

Wat gebeur aan die einde van Jesus se bediening met Lasarus? Jesus het geweet dat Hy Lasarus sou opwek.
Waarom het Hy dan geween by die graf? Jesus het geweet dat Hy na Sy eie begrafnis kyk. Hy sou ook vir drie dae in die graf wees.
Hy het besef dat Sy eie tyd verby is. Toe Hy na sy dissipels kyk, besef Hy dat hulle nog gladnie gereed is om by Hom oor te neem nie. Dit het Hom laat ween oor hulle.
Nie omdat Hy hartseer was nie. Hy het geweet Lasarus sou leef. Nadat Hy geween het was Hy rustig. Dit het niks aan Sy vrymoedigheid verander nie.

Wat het in die begin gebeur nadat Hy gehoor het Lasarus is siek? Hy het openbaring van Sy Vader ontvang oor wat gaan gebeur. Daarom het Hy die eerste twee dae niks gesê nie. Die derde dag staan Hy op en sê: 'Laat ons gaan'.

Ons weet wat gebeur toe Hy by Lasarus se familie aangekom het. Almal het vir Hom gesê: 'Jesus, as U hier was, sou hy nie doodgegaan het nie. Waarom het U nie na sy begrafnis toe gekom nie?' Niemand het besef dat Jesus wou kom kyk hoe sy eie liggaam na drie dae in die graf sou lyk.

Ons moet besef dat Jesus ons vroeër geleer het dat gebed berge kan versit. Jy kan nie bid om berge te versit terwyl jy op jou aangesig lê nie. Nee, jy moet regop staan. As jy dan in geloof praat en bid, sal berge val. As jy gebede van outoriteit bid, moet jy stewig staan.

Soveel keer lê ons op ons aangesig en ween oor wat met ons gebeur. Satan sal spesiaal na hierdie gebedsbyeenkoms toe kom, net om te kyk hoe seer hy jou gemaak het. Aan die anderkant sal God sê: 'Wie lê nou hier en ween, terwyl al My krag vir hulle beskikbaar is? Waarom bid julle op die laagste vlak? Staan op en laat jou lig van outoriteit skyn!'

Wat doen Jesus nadat Hy by die graf geween het? Hy stap direk na die graf toe en bid 'n gebed van geloof: 'Rol die klip weg!' roep Hy uit. Wat gebeur hier? Alles wat onmoontlik is vir 'n mens moet dadelik uit die pad gerol word, met vrymoedigheid.
Daarna kyk Jesus op na die hemel en roep: 'Lasarus, kom uit!' Hierdie woorde was 'n bevel: Daar was geen twyfel of ongeloof daarin nie. Geloof het altyd resultate!

My opdrag van God: Kry nou al die gelowiges betrokke in hierdie oorlog. Ons moet weet dat ons al die veldslae teen Satan kan wen, net uit genade. Die oomblik as jy in hierdie oorlog betrokke raak, sien jy hoe swak Satan regtig is.

Dink net aan al die dinge wat ons al moes deurveg, met Satan teen ons, en hy kon ons nog steeds nie regtig seermaak nie! Jy moet besef: Al is jy 'n gewonde leeu en jy brul, weet Satan dit baie goed.

Daar is verseker sekere agendas in elkeen van ons se verlede. Dit mag net nooit beheer uitoefen op die kragdimensie in jou lewe nie.

Die oomblik as jy twyfel, vertrou jy God nie meer nie en dink jy Hy is ‘n leuenaar.

Daar is sekere gebede wat jy in drie minute moet bid en beantwoord moet kry. Dit kan net gebeur as jy weet waar om te kyk en te weet hoe jy elke saak moet benader. Dan moet jy weet hoe om krag vry te stel. Die oomblik as Satan ‘n saak met jou het, moet jy weet hy wil jou emosies deurmekaar krap.
As jy nou in God se teenwoordigheid ingaan is jou emosies in ‘n toestand en deurmekaar en kan jy nie eers reguit dink nie.
Wat gebeur in die geval met Lasarus? Jesus was kalm, al het Hy geween. Hy word rustig en stap daarna oor en wek die dooie op.
Ons moet leer hoe om in alle gevalle van aanslag, rustig te kan raak.

Kom oms kyk na die lewe van Paulus.
Hy sê: ‘Ek is die minste van al die apostels’. Waarom?
Paulus weet dat hy nooit vanself ‘n keuse gemaak het om Jesus te volg nie. Hy word later deur Jesus gekonfronteer. As daar nou een persoon is wat Jesus forseer het om Hom te volg, was dit Paulus.
Paulus was nie beskeie toe hy gesê het hy is die minste nie.

Ons weet dat God vir Stéfanus gekies het om die Nuwe Testament se 27 boeke te skryf. Stéfanus was net so intelligent en Gees-vervuld. Hy kon met almal redeneer en het almal oorskadu. Dit was altyd God se plan om Stéfanus te gebruik om Sy kerk nuwe beweging te gee.

Ons sien vir Paulus by die steniging van Stéfanus. Dit het sy goed-keuring weggedra, maar dit het later teen hom getel. Tydens die steniging sien hy vir Jesus in die hemel staan.
Hy het nie gesit op Sy troon nie. Hy staan in teleurstelling en woede toekyk wat met Stéfanus gebeur.

Na die moord op Stéfanus besoek Jesus vir Paulus langs die pad.
Hy laat Sy krag los oor Paulus en vra daarna vir hom: ‘Saul, Saul, waarom vervolg jy my?’

Jesus was duidelik besig om Sy Koninkryk weer op koers te kry.
Dis waarom Hy vir Paulus soos ‘n slaaf behandel, net om hom te draai. Dis geen wonder dat hy voel dat hy nooit self die keuse gemaak het nie.

In die kerk is dit so belangrik dat ons persoonlik ook bevry moet word van al die dinge van die verlede. Die behoefte na liefde het ons almal in ‘n rigting gestuur waarmee ons later begin sukkel het. Ons almal weet dat om iets te laat gaan wat deel van jou geword het, een van die moeilikste dinge is om suksesvol te doen.

Persoonlike bevryding is baie diep. Dit is nie net sonde en nie net skuldgevoelens nie. Om totaal vry te kom beteken om nie meer langer teen mense te baklei nie. Dit het nou al so diep gegaan dat jy teen duister magte ook moet veg. Moet net nooit probeer om oor-winning te behaal as jy nog elke dag skuldig voel nie. Maak klaar!

Wat die kerk swak maak is nie ‘n tekort aan gebed nie, dis mense wat met skuldgevoelens rondloop. Skielik begin jy twyfel.
Skielik wonder jy of die Bloed van Jesus genoeg is. Wat jy moet weet is dat daar nie ‘n probleem is wat te groot is om te hanteer nie. Daar is geen demoniese mag of krag groter as jy nie. Daar is geen verhouding óf vesting óf vloek wat jy nie kan breek en oorkom nie.

Hoe presenteer hierdie seer in mense hier in die kerk?
Ek wil ongelukkig sê dat daar te veel mense hier in die kerk sit met emosionele krisisse.
Voorheen het dit gebeur dat ‘n vrou in ‘n ander kerk begin het om die aanbidding te lei. Sy is ongelukkig in die verlede deur haar oom gemolesteer. Emosioneel gaan dit nie goed nie. Sy wil so graag in die kerk iets vir Christus doen, maar sy is nog nie genees nie.
Die oomblik as sy werklik begin aanbid, begin sy huil ook.
Huil is iets wat sy ken en elke dag doen.
Haar trane lyk nou vir die kerk of sy die teenwoordigheid van God voel, maar intussen is dit pyn wat sy voel.

Dink U werklik dat hierdie mense die stryd teen Satan gaan wen?
Dink ons werklik dat hulle vir ons in die bediening ‘n seën gaan wees?
Satan het al begin lag, nog voordat die stryd begin het. Hierdie mense sit in die kerk en bid al die afgelope tien jaar vir ‘n deurbraak wat nog nooit gekom het nie. Hierdie mense is daagliks besig om op dieselfde tyd te bid en te huil. Wat gaan dit nou laat werk?

Mense, ons moet God begin vertrou op ‘n dieper manier.
Dit is tyd om ons gedagtes te vernuwe en te verander.

Satan en Petrus: Satan wil alles in sy vermoë doen om te verhoed dat Jesus kruis toe moet gaan. Hy kies om in Petrus te probeer

ingaan om dit te doen. Daarna sê Petrus nou skielik vir Jesus dat dit nie regtig nodig is om dood te gaan nie. Wat doen Jesus?
Hy onderskei dadelik hierdie gees en sê vir Satan, nie vir Petrus, 'Gaan van My af weg Satan.'
Satan word gestop en verlaat hulle. Petrus word verlos van die bose.

Petrus het altyd te vinnig dinge gesê. Hy kon nie wag vir more nie. Wat gebeur toe Jesus na hulle aangeloop kom op die water?
Petrus was die enigste een met 'n mes en dapper vra hy dadelik: 'Wie is dit?' Toe hy sien dit is Jesus vra hy dadelik of hy ook kan uitklim. Hy klim uit en begin op die water loop.
Naby Jesus word hy bang vir die golwe en begin sink. Die gees van vrees het in hom ingekom. Jesus gryp sy hand en help hom regop. Saam stap hulle nou terug boot toe. Jesus het hom verseker nie gedra nie.

Mevrou, hoeveel keer het jy al gevoel dat daar skielik so 'n bose gees in jou eggenoot ingekom het? Skielik begin hy teen jou praat. Nou reageer jy mevrou, en sê iets terug. Nou het julle altwee dit verloor!

Daar is een ding wat ons almal moet verwyder uit ons lewe en dit is om te sê: 'Nou hoe kon jy so gemaak het? Dit nogal voor al die mense!' Nou praat jy namens Satan, want jy word nou verantwoordelik vir 'n skuldgevoel in iemand anders. Selfs vir jou kinders. Moet nooit sê: 'Hoe kon jy dit gedoen het' nie. Die 'hoe' is nie die saak nie, want dis verby.

As ons in verhoudings heeltyd vra 'hoe kon jy', vernietig dit vertroue. Satan kan jou maklik oorhaal om beledigend te wees. Hy sal vir jou sê: 'Kap haar'. Daarna is die vrede weg. Laat ons werk aan ons verhoudings. Weet net: As Satan in Petrus kon spring, kan hy in enige iemand spring.

Moet nie toelaat dat die optrede van andere jou vreugde steel nie. Vergewe mense in jou lewe – selfs diegene wat nie eers sleg voel vir wat hulle aan jou gedoen het nie. Om vas te hou aan die kwaad doen net vir jouself skade, nie vir hulle nie.

Jesus Christus is nie net gekruisig om te red nie, maar ook om te herstel. Hy het op aarde geloop as 'n mens om aan ons te wys hoe ons moet leef. Hy gaan nou deur mense Homself openbaar om aan hulle te wys wie hulle regtig is en waarvoor hulle geskape is.

Dis elkeen van ons se gawe om herstel te bring in verhoudings.
* Help mense om hulle verhouding met God te herstel.
* Help jouself en ander hoe om verhoudings met mekaar te bou.
* Help jouself en ander om jouself te vergewe vir foute en verkeerde keuses wat jy gemaak het.

So gaan ons die oorwiining smaak.

.....

HOE AFFEKTEER DINGE JOU?

Die belangrikste is om te besef dat jy moet waak daarteen dat die dinge wat verkeerd gaan in jou lewe, jou nie laat reageer daarop nie. Laat toe dat God dinge beheer, al voel dit asof Hy nie sin maak nie. Vir jou om in outoriteit te wandel, beteken dat jy eers gelouter moet word om dit te kan hanteer.
Wanneer jou geloof getoets word, moet die gevolg wees dat jy tot by breekpunt kom, maar nie breek nie. Jy mag nie breek nie!
Weet jy hoe bou dit jou eie vrymoedigheid as jy besef dat jy nou net by breekpunt was, en nie gebreek het, soos almal verwag het nie.

Waar is breekpunt? Op die plek waar jy normaalweg ingee.
Dis so belangrik dat jy in krag moet loop en presies moet weet wat jou weerstandsvlak is. Toetse sal jou jou krag laat leer ken en jou in vry-moedigheid laat beweeg, wat niemand ooit by jou kan wegneem nie.

As die uitdagings van die lewe kom, moet dit die beste in jou laat uitkom. Moet nooit opstandig word as dinge verkeerd gaan nie.
Dis gewoonlik net omdat jy nie die volle prentjie sien nie.
Probeer daardie prent in jou lewe raaksien.

Toetse en uitdagings word gewoonlik deur jou gesien as ‘n mors van tyd. Wees baie versigtig wanneer jy dink iets is ‘n mors van tyd of ‘n mors van geld. Kan dit ooit ‘n mors van tyd wees as alle hel om jou losbreek? Is dit ooit ‘n mors van tyd as jy aanhou bid vir ‘n opstandige kind wat nooit eers lyk asof hy luister nie? Is dit ooit ‘n mors van tyd as jy aanhou bid vir jou finansies wat sukkel?

Het jy al ooit gedink dat iets gebreek en vernietig moet word, om ‘n wonderlike geur af te gee? Dis tog vir ons almal lekker om goeie parfuum of room aan ons te smeer.

Maar, êrens moet daar plante wees wat ons pluk, papdruk, pers en uitdruk om die ekstrak te gee wat heerlik ruik. Een plant is gewoonlik nie genoeg nie, maar 'n hele klomp moet gepluk word. Uit hulle kom die uitnemende geur en reuk waarna ons soek.

Daar was eendag 'n vrou wat na Jesus toe gekom het met 'n fles olie wat uitstaande was. Dit was so ongelooflik duur, maar sy gooi alles oor Hom uit!

Markus 14:3-9;

'En toe Hy in Betánië was, in die huis van Simon, die melaatse, terwyl Hy aan tafel was, kom daar 'n vrou met 'n albaste fles met egte, baie kosbare nardussalf; en sy breek die albaste fles en gooi dit op sy hoof uit. En daar was sommige wat by hulleself verontwaardig was en gesê het: Waarvoor het hierdie verkwisting van die salf plaasgevind?

Want dit kon vir meer as drie honderd pennings verkoop en die geld aan die armes gegee geword het. En hulle het teen haar uitgevaar. Maar Jesus sê: Laat haar staan; waarom val julle haar lastig? Sy het 'n goeie werk aan My gedoen. Want die armes het julle altyd by julle, en wanneer julle wil, kan julle aan hulle goed doen; maar My het julle nie altyd nie. Wat sy kon, het sy gedoen. Sy het vooruit al my liggaam vir die begrafnis gesalf.
Voorwaar Ek sê vir julle, oral waar hierdie evangelie oor die hele wêreld verkondig word, daar sal ook gespreek word van wat sy gedoen het, tot 'n gedagtenis aan haar'.

Die vrou het die olie skaars oor Jesus uitgegooi, toe word dit al in Sy geledere beskou as 'n vermorsing, as verkwisting. Dis snaaks dat almal haar skerp kritiseer, maar Jesus sien dit anders.
Hy het geweet dat sy weet dat sy Sy liggaam moet salf en voorberei vir die dood. Hulle sien dit nie raak nie.
Dis altyd belangrik dat jou toetse in die lewe nie deur mense beoordeel moet word nie. Wag altyd vir die verklaring deur die oë van Jesus self.

Was dit werklik 'n verkwisting dat sy Sy liggaam met hierdie salf moes smeer? Was dit vermorsing toe die wonderlike geur van die salf die hele huis vul? Die belangrikste ding was dat die geur van hierdie salf nog saam met Jesus was toe Hy gekruisig is.

Waarop verdedig Jesus hierdie vrou: Dat sy dit vir Hom gedoen het. Hy sê: 'Los haar uit. Sy het 'n goeie werk aan My gedoen'.
Tweedens dat waar die evangelie ooit gepreek sal word, sal daar oor hierdie daad gepraat word. Die eintlike resultaat was dat hierdie daad van die vrou al die generasies wat gevolg het, beínvloed het. Daar kom ook verkwistings in jou lewe. God kan dit dalk gebruik om 'n deurbraak in jou lewe te bring.

In daardie sefde huis was daar ook iemand aan die anderkant van die tafel. Die verraaier Judas. Hy het toe alreeds planne gehad om Jesus oor te gee. Kan jy net dink wat het in sy gedagtes omgegaan toe hy hierdie vrou dit alles sien doen? Hier sien ons twee mense met verskillende agendas in dieselfde vertrek.

Wat dink julle het Judas Iskároit gedink op daardie oomblik? Waarom sou hierdie vrou alles wat sy moontlik kon hê, kom gee aan hierdie Man wat ek wil verraai? Wat sien sy in Hom wat ek nie sien nie, dink hy.

As ons deur Heilige Gees gelei word, sal ons dinge doen wat ander nooit sal verstaan nie. Die toekoms sal wys dat wat ons gedoen het, later sal bewys dat dit reg was. Wat verkwisting in iemand se oë is, is 'n heerlike geur vir ander.

Waarom het die wyse manne goud, wierrook en mirre vir die baba Jesus gebring? Was dit verkwisting van geld? 'n Klein seuntjie het tog nie goud nodig nie! Vir hulle was dit gladnie verkwisting nie.
Dis hoe hulle die hoogste eer aan Hom wou bring.
Hierdie manne het Jesus kom eer want hulle het onderskei dat dit die belangrikste oomblik in die geskiedenis van die wêreld was.

Ek en jy moet ook leer om die tye en die oomblikke te onderskei in die lewe. Daar is tye wanneer ons vir die armes moet gee en daar is tye wat ons aan God moet gee in gehoorsaamheid.
Maar, daar is verseker tye wanneer ons die duurste geskenke vir Jesus moet gee om aan Hom eer te bring.

Toe die vrou die olie uitgegooi het, het iemand gesê: 'Kon hierdie geld nie aan die armes gegee word nie?' Dit was moontlike 'n regverdige vraag, want die olie was soveel werd as 'n hele jaar se inkomste. Waarom het Jesus haar verdedig as Hy geweet het hoeveel armes daar werklik is? Want dit was die tyd om dit op Hom te spandeer en nie op die soekers nie.

Dis ‘n teken van ‘gee vir Sy eer’ en almal van ons moet leer hoe om dit te doen. Om Jesus eer te gee as Hy alreeds dood was, sou niks beteken het nie. Die vrou het oordadig voorgekom, maar nadat Jesus gekruisig was het almal besef dat die duur olie Sy liggaam moes bewaar waar dit daar in die graf vir drie dae gelê het.
Wat vandag verkwisting is vir Jesus, sal andere later eers besef waarom jy dit gedoen het.

Wanneer dinge moeilik raak in jou lewe, na wie toe moet jy draai vir advies en raad?
Gee my ‘n man wat jare in die woestyn was, wat deur hel en drama gekom het en deur diep waters, en wat dit nog steeds gemaak het. Moet nie dat ons weer luister na preke wat uit biblioteke uit kom nie. Dié wat dit geskryf het, het dalk nie eers self ‘n prys daarvoor betaal nie. Daar is iets spesiaal aan iemand wat die prys betaal het, en nou nog staan teen alle misleiding en verleiding. Dit sal ‘n geur afgee waaraan almal sal wil raak.

Ek wil ook graag sê: ‘Wys my waardeur jy gekom het, en ek sal vir jou sê wie jy is.’ Moet nooit onthou hoe was iemand toe jy hom laas gesien het of iets sleg van hom gehoor het nie. Daardie iemand wat jy nooit gedink het sal dit maak nie. Wees versigtig!
Dis gewoonlik hierdie ou wat jou sal verras.

God is nie een waarmee jy wegkruipertjie moet speel nie.
Dis net ons wat dink dat ons dinge kan wegsteek vir Hom en dan dink Hy sal vergeet daarvan.

Die lewe is regtig nie so maklik as wat ander mense daarvan maak nie. As jy iemand is wat elke dag net kom vertel hoe goed dit met jou gaan en dat jy geen uitdagings het nie, het jy ook moontlik geen geur wat jy afgee nie.

Die pyn, die verwerping en die misverstaan wat jy deurmaak, sal eendag begin sin maak. Weet dat daar altyd ander sal wees wat na jou luister, en dit indrink wat jy leer. Hulle wil weet hoe het jy daar deurgekom. Wanneer hulle die geur optel wat in jou lewe is, sal hulle weet dat jy deur alles op koers was en daar gebly het.

Onthou, die legkaart is alleenlik voltooi eers as die laaste stukkie sy plek gekry het. As daardie oomblik nog nie aangebreek het in jou lewe, maak die prentjie baie keer nie sin nie. Een ding wat jy moet weet is dat God self die kunstenaar is wat jou prentjie skilder.

Wanneer Hy Sy droom in jou voltooi het, sal jou lewe totaal verander. Dit is altyd die moeite werd.

Moet nooit fokus op jou teleurstellings nie. Lewe is nie ‘n honderd meter wedloop nie. Lewe is vir dié wat kan oorleef, al neem dit ook hoelank. Maar, jy moet orde en dissipline en strategie eerste leer. As iets makilk kom, verloor jy dit ook maklik.
Die een waarheid wat saam met sal gaan is: ‘Het jy klaargemaak met jou verlede?’
Enige persoon kan groot waarhede kom leer, maar wat hierdie waarhede kragtig maak is waar en hoe jy hulle geleer het.

Wanneer jy gaan begin om wonderwerke in jou lewe te sien elke dag, gaan jou lewe ‘n getuienis word. God sal die deur elke dag net groter oopmaak en dan besef jy dat jy begin leef in bonatuurlike dinge. Maar, daar is soveel wat twyfel.

Ek werk so baie met mense wat juis kom sê dat hulle nog nie die prentjie sien nie. As ek dan kyk kan ek gewoonlik nie regtig sien wat nog kort kom nie. Maar, daar is nog altyd die finale afronding wat die Groot Kunstenaar nog moet verf.
As jy wonder of God klaar is met jou, vra vir Hom, nie vir mense nie. Moet nie in gawes of bedieninge wil ingaan terwyl God nog besig is met jou nie. Dis wanneer Hy jou uitstuur wat jy moet weet die prentjie is gereed.

.....

HOE HANTEER EK VERGINIS?

‘n Oorwinnende lewe bly ‘n lewe waarin ek oor elke aspek van my lewe sukses behaal het. Ek is vry van enige emosionele binding in my en begin beweeg in God se perfekte wil vir my.
Soos wat ons egter ouer word kom ons soms agter dat dinge ook in ons lewens verkeerd geloop het.
Ons hoor so dikwels die woorde: ’Ek het nog altyd gedink dat met tyd sal my probleme dalk vanself net verdwyn – maar nou kom ek agter hulle het nie. Die ergste is dat ek besef dat so baie van dit ook al in my kinders sigbaar is. Hulle is verslaaf soos ek. Hulle is kwaad soos ek en hulle is bang soos ek’.

Vrees is die een emosie wat so maklik deel van ons lewe kan word. Vrees vir mislukking, vrees vir verwerping, vrees vir dit wat my dalk net weer van voor af wil seer maak, vrees vir die nag en vrees vir myself. Die lys is so lank.

Die emosie van vrees is die sterkste negatiewe emosie wat ek kan ondervind. Al die oorloë, al die uitbarstings en die negatiewe dinge in my lewe, werk deur die emosie van vrees.
Die emosie van vrees, waarvan alle negatiewe dinge kom, werk stadig. Die emosie van liefde, waarvan alle positiewe emosies kom, werk gelukkig vinnig.

Die enigste manier om weer vasgehak te wees aan liefde, is om in opregte liefde te lewe. Om dit te kan doen moet jy al die obsessies wat jy het om mense te beheer en om mense te domineer, opgee. Terwyl jy met sulke dinge aangaan sal jy jouself net isoleer van ander mense. Terwyl jy in vrees vasgevang is, is jy beperk en losgemaak van wie jy werklik is.

Die mensdom spandeer soveel tyd om na rolprente te kyk op die skerm, terwyl hulle glo dis die waarheid. Nee! Al hierdie tyd is die wêreld soos wat hy werklik is, weggesteek vir hulle.
Terwyl 'n mens in vrees lewe, gee jy jou krag weg aan enige iemand wat jy glo jou kan beskerm.

Dis hoekom mense wat in vrees bly, kragteloos en wanhopig word en hulle self later afskakel. Hulle word dan net soos dié skape wat hulle deur ander laat aanmoedig om óók niks te wees nie.
Al wat gebeur is dat jy dryf dan net verder weg in 'n lewe van gedwonge onderdanigheid. Geen verdere visie – geen verdere hoop. Terwyl dié mense wat al die pyn veroorsaak het, net aangaan.
So sterf die jonges vroeg, en dit lyk asof die boosheid altyd wen. Indien die wêreld net gelos word, is dit die pad vir so baie.

God maak dit in Sy Woord egter baie duidelik dat Hy wil hê dat ons anders as die wêreld moet wees.
2 Timotheus 1:7;
'Want God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing'.

Merk dat die hele Godheid hier betrokke is.

* **Krag** – Wie is die krag van God? Heilige Gees.
* **Liefde** – Wie is die liefde? God die Vader.

'Hy wat nie liefhet nie, het God nie geken nie, want God is liefde'.

* **Selfbeheersing** – Dit is die deel van God in ons wat die oplossing vir vrees is.

Hoe kry ons selfbeheersing?
Deur elke dag vernuwe te word deur die Woord. Wie is die Woord? Jesus Christus. Wat is die antwoord vir vrees?
'n Diep verhouding met God die Vader, die Seun en Heilige Gees.
As die Heilige Gees in jou is en jou lei, is dit die dag dat vrees sal begin wyk.
Kom ek noem 'n ander voorbeeld:
As ons vir iemand bid vir genesing, en hy word nie gesond nie, wat moet ons dan doen?
Ons kan 'n teologie opmaak dat Jesus nie meer genees nie, óf ons kan sê die man het nie genoeg geloof gehad nie. Alles verkeerd!

Wat dink julle moet ons doen? Kom ek sê julle wat ek doen:
Ek gaan dadelik terug na God toe en vra Hom:
'Vader, hoekom is hierdie man nie genees nie?' Weet julle wat?
Daar is baie keer nie 'n rede hoekom hy nie gesond geword het nie.

Paulus leer vir Timotheus. Hoor wat sê hy:

2 Timotheus 2:23-26;

'En die dwase en onverstandige strydvrae moet jy afwys, omdat jy weet dat dit twis verwek;
en 'n dienskneg van die Here moet nie twis nie, maar vriendelik wees teenoor almal, bekwaam om te onderrig en een wat kwaad kan verdra.
Hy moet die weerspanniges in sagmoedigheid teregwys, of God hulle nie miskien bekering sal gee tot die kennis van die waarheid nie,
en hulle weer nugter kan word, vry van die strik van die duiwel, nadat hulle deur hom gevang was om sy wil te doen'.

en in Engels: ***2 Timothy 2:23-24;***

'Don't have anything to do with foolish and stupid arguments, because you know they produce quarrels.
And the Lord's servant must not quarrel; instead, he must be kind to everyone, able to teach, not resentful.
Those who oppose him he must gently instruct, in the hope that God

will grant them repentance leading them to a knowledge of the truth, and that they will come to their senses and escape from the trap of the devil, who has taken them captive to do his will'.

Moet nie dink dat jy altyd die antwoord moet hê nie. As iemand regtig 'n antwoord van God wil hê, laat hy God self vra.
Onthou God se belofte: 'God ontmoet ons en genees ons.'
Die oomblik dat ons nie genesing kry of 'n antwoord van God af kry nie, wat gaan ons maak? Wat moet ek doen as ek aanhou met 'n probleem sukkel, en nooit oorwinning kry nie?
Begin twyfel, sodat ongeloof kan inkom? Nee!
Ons moet dadelik teruggaan na God toe en vir Hom vra:
'Vader, wat is in my, wat die duiwel die reg gee om my gevange te hou? Wat is die strik wat hom die reg gee oor my lewe?
Wat is in my waarvan ek nie weet nie, wat toelaat dat daar gesteel word by my? Daar moet êrens 'n vesting in my wees wat God se seëning in my lewe verhoed.

Jesaja 42:22;
'En tog is dit 'n beroofde en geplunderde volk; hulle is almal gebonde in kerkers, verborge in gevangenisse; hulle het 'n buit geword sonder dat iemand red, 'n plundering sonder dat iemand sê: Gee terug!'

Staan op en skreeu: 'Gee terug!' Ek vat terug wat by my gesteel is!
Daarom moet ons almal in vrymoedigheid kan opspring en sê:
'Bevry hulle wat verborge in gevangenisse is!
Hulle wat gebonde is en buit geword het – maak los!'

God is nog steeds op die troon. Hy antwoord nog altyd gebede.
Hy praat nog met Sy kinders en gee hulle kennis en wysheid.
Sy oë en ore is nog oop om ons te hoor as ons roep.
Roep Hom net aan!

Hoekom word sekeres nie genees nie?

Jy kan twee mense kry met dieselfde siekte of met dieselfde sonde in hulle lewe.
Die een word genees of kom vry, en die ander een nie. Hoekom nie?
God beoordeel nie jou siekte of jou sonde nie.
Hy beoordeel jou oor hoe jy in jou hart daaroor voel.

Koning Dawid was genoem ‘n man na God se hart.
Tog was hy ‘n moordenaar, ‘n egbreuker en ‘n leuenaar.
Wat was die verskil tussen Dawid en koning Saul?
Saul het nooit sy sonde bely nie. In Psalm 51 hoor ons hoe Dawid sy sonde bely hoe hy uitroep oor hoe jammer hy is.

Die verskil is in ons gesindheid teenoor sonde.
Om versoek te word is nie sonde nie.
Om soms bose gedagtes te hê is nie sonde nie – anders sou ons almal diep in die moeilikheid gewees het. Gedagtes kom en gaan. Dis net hoe ons daaroor voel, wat die verskil maak.
As jy dit nie raaksien nie, en as daar probleme is en jy hou aan om dit te ignoreer, gaan dit jou vang op die einde. Die een maak sonde af as niks, en die ander een het dadelik berou daaroor.

Daar is soveel Christene wat hier aankom om ‘n stukkie waarheid te soek. Ongelukkig is daar soveel seer en verwerping in hulle lewe, dat hulle hier aankom, eintlik om fout te soek.
Waar hulle vandaan kom was hulle ook nie aanvaar nie.
My broer, my suster, wanneer gaan jy toelaat dat daar orde in jou eie geestelike lewe kan kom?
Jy moet nooit kerk toe kom om net fout te soek en dan beter te voel omdat jy iemand kritiseer het. Die kerk is nog nooit geroep om iemand te probeer vermaak nie.
Hoe moet ons iets soos ‘n verbreekte verhouding wat verkeerd was, herstel, as die ander persoon alreeds dood is?
Onthou, as jy iemand verloor het, gaan die herstel eerstens oor jou. As jy kan bely en vir God vergifnis vra vir iets wat jy aan iemand gedoen het, of vir wat iemand aan jou gedoen het, is dit afgehandel. Dit wat ons hier op aarde kan ontbind, kan tot in die hemel ontbonde wees.
Bely aan God en maak daarna ‘n verklaring oor die een wat al dood is en sê bv. ‘Pappa, ek vergeef jou vir wat jy aan my gedoen het. Ek het jou altyd daaroor gehaat en ek is jammer daaroor. Maar pappa, dis nou verby. Ek spreek jou vry en myself ook nou vry, in Jesus se Naam’.
In jou hart en in geloof moet jy glo dat hy nou net gehoor het wat jy gesê het. Mense, dis nooit te laat om te vergewe en vry te kom van die strik af nie.

Kom ons kyk na twee voorbeelde:
'n Vrou skryf dat sy skielik na 40 jaar 'n SMS kry van die man wat haar as 'n klein dogtertjie molesteer het. Hy skryf dat hy werklik jammer is en dat hy intussen by Jesus uitgekom het. Hy sê verder: 'Vergewe my asseblief vir dit wat ek aan jou gedoen het. Ek is te skaam om na jou toe te kom, aanvaar my net asseblief'.

Sy sê: En my hele lewe verander op daardie oomblik. Vergifnis kom in my in en maak my weer sag, want oor die jare het ek so hard geword. Ek sê weer: Dis nooit te laat om reg te maak nie.

Wat doen die Here Jesus terwyl soldate besig was om die dik spykers deur sy hande te slaan met Sy kruisiging?
Hy het geweet dat om daar aan hulle iets te sê, nooit kon gewerk het nie. Hy vat Sy gebed direk na God toe en sê: 'Vader, vergeef hulle want hulle weet nie wat hulle doen nie'.

Jesus Christus het gesê dat as Hy ons sondes vergewe, vergeet Hy ook daarvan. Moet asseblief nie dieselfde sonde oor en oor aan Hom bely nie.
Ons sluit die jaar af: Gaan maak klaar, sodat God 'n groot ding op jou fondamente kan bou.

.....

HOE OM VAN SONDE EN VESTINGS ONTSLAE TE RAAK

Daar kom 'n tyd in jou lewe waar jy 'n nuwe waarheid moet toelaat in jou lewe. Dis tyd om uit te stap uit gevormde vestings in jou lewe. Daar gaan drama's en probleme opduik en keuses wat jy moet maak – maar, jy is nou gereed daarvoor.
Dit begin waar ek en jy besef daar is 'n probleem.
Soveel mense kom nooit by die oplossing van hulle probleme uit nie, suiwer omdat hulle nie kan erken dat daar moeilikheid is nie.

DIE SONDE VAN DIE VERLEDE MOET VERGEWE WORD:

Wat gebeur as ek nie my sonde spesifiek bely nie?

Dis waaroor alles gaan. Ek as individu moet my lewe en dit wat aan my gegee is, bewaar en daarop bou. As ek gewoonte-sonde toelaat in my lewe, gaan ek geestelik nêrens kom nie. Om nie te kan erken dat ek verkeerd gedoen het, bind my vir die res van my lewe.

Dis ook so belangrik om te besef dat ek en jy 'n verantwoordelikheid het aan almal hier. Ons moet as liggaam in eenheid beweeg om God se guns oor ons gemeente te hou. Dit is elkeen se taak.

Koning Dawid val in sonde – ernstige sonde.
Hier kom doen hy 'n belydenis: ***Psalm 32:***
'Toe ek oor my sonde geswyg het, het my liggaam uitgeteer soos ek heeldag om hulp geroep het.
Toe het ek my sonde bely en my oortredinge nie meer weggesteek nie. Nou, dit gaan goed met die mens wie se ootredinge nie gestraf word nie – wie se sonde vergewe word'.

Onthou: Demone kan nie net op mense spring wanneer en hoe hulle wil nie. Ek glo werklik ons is beskerm daarteen.

Die reël is duidelik:
Moet nie kompromieë aangaan nie.
As jy sonde doen gaan die deure oop en demone kom in.
Hulle kan nie net inkom nie, daar moet vir hulle 'n wettige reg wees om te kan inkom.
En, terwyl jy in sonde bly, bly die deure oop en het die demone 'n vry kaartjie om saam te ry.

Wat is die oplossing?
As daar sonde is in ons lewens is daar net één oplossing: Belydenis.

2 Korinthiërs 7:1;
'Terwyl ons dan hierdie beloftes het, geliefdes, laat ons ons van alle besoedeling van die vlees en die gees reinig, en laat ons die heiligmaking in die vrees van God volbring'.

<u>Daar is twee dinge wat ons moet op let:</u>
1. Die apostel Paulus sê baie duidelik dat daar 'n skoonmaak en reinigingsproses is wat ons moet deurgaan.
Dis nie outomaties nie, dit vereis dat ons iets moet doen.
2. Paulus plaas die verantwoordelikheid vir hierdie reiniging volkome op ons skouers. Hy sê: 'Laat ons ons self reinig'.

DIS MY EIE VERANTWOORDELIKHEID OM MYSELF TE REINIG:
Na wedergeboorte gee God aan ons elkeen genoeg outoriteit en verwag Hy van ons elkeen om ons eie lewe te reinig.
Hoekom? Dis ‘n Bybelse opdrag! God sal nooit van ons iets verwag as Hy nie self daarvoor sal sorg dat dit moontlik is nie.
Hoe moet ons onsself reinig?

1 Johannes 1:9;
‘As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig’.

Die vers begin met ‘as’. Dit beteken altyd: Ons het ‘n keuse.
Óf ons kies om dit te doen, óf ons kies om dit nie te doen nie.
Dis baie duidelik: Die reiniging gaan nie kom as ons nie eers bely het nie. Die woord ‘bely’ word skielik die sleutel in die vers.
Die groot keuse kom nou:

1. Gaan ek maar net weer terugval in my ou lewe van ontkenning en in my gemaksone, óf
2. Stap ek uit die vestings uit en hanteer hulle.

Ons gedagtes en optredes kán verander word.
Psigoloë meen dit vat normaalweg weke tot maande om ‘n gewoonte te breek. Maar, gee God ‘n kans om met jou te werk.
Soos wat jy jou gedagtes vernuwe – so sal Hy jou vernuwe.
Maar weet: Soos jy groei, so sal dit getoets word.
Gaan jy nou weer dieselfde reageer soos wat jy nog altyd gedoen het, of gaan Christus deel wees van jou nuwe aksies?
Om uit te stap beteken eenvoudig om jou gedagtes te vernuwe.
Dit is om God se gedagtes oor ‘n saak, joune te maak.
Jy moet uitstap uit die ou ingewortelde gewoontes en manier van dink, in ‘n nuwe een in.
Efesieërs 4:23;
‘En dat julle vernuwe moet word in die gees van julle gemoed.’

As jy nou verlos word van jou ou lewe, lewe soos ‘n oorwinnaar en nie meer soos ‘n verloorder nie.

Jy is nie alleen nie:
Hoe meer gekompliseerd en gespanne jy is, hoe meer het jy hierdie eenvoudige stappe nodig. Die probleem is dat jy jou gedagtes en manier van dink nou verander het en dat mense wat saam met jou lewe dit nie gaan verstaan nie. Dis normaal.

Hoe gaan ek dit alleen maak? Wel, jy is nooit werklik alleen nie – God is met jou. Hy sal jou deur Sy Gees in die volle waarheid lei.

Gee jouself tyd:

Hierdie is nie net 'n vinnige storie nie – dis soms 'n lang proses. Soos wat jy uitstap, vervang jy verkeerde gedagtes en idees en gewoontes met goddelikes. Dit mag weke of selfs maande neem om dit te vervang met 'n nuwe manier van dink en optree.
God self sal jou wys hoe jy vorder op hierdie pad – moet nie dat ander mense jou evalueer en vir jou sê wat jy moet doen nie.
As jy nou besluit het dat jy eendag 'n besigheid sal besit, begin lewe soos 'n besigheidsman en hou op om te leef soos die een wat net die telefoon gaan antwoord.

Neem elke gedagte gevange:

2 Korinthieërs 10:3-6

'Want hoewel ons in die vlees wandel, voer ons die stryd nie volgens die vlees nie; want die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, maar kragtig deur God om vestings neer te werp, terwyl ons planne verbreek en elke skans wat opgewerp word teen die kennis van God, en elke gedagte gevange neem tot die gehoorsaamheid aan Christus, en ons gereed hou om elke ongehoorsaamheid te straf wanneer julle gehoorsaamheid volkome is.'

Hoe hanteer 'n mens slegte gedagtes soos twyfel, ongeloof, selfhaat, verslawings en negatiewe optredes?

* Herken elkeen van hierdie vir wat hulle regtig is: **VERSOEKINGS.**
* Om versoek te word is nie sonde nie, dis net Satan wat kyk of jy nog reguit is.
* Neem elke gedagtes gevange en gooi hulle uit jou lewe uit, voordat hulle sonde word.

Voorbeeld: Mense kom gooi 'n klomp beskuldigings na jou oor die manier hoe jy jou kinders grootmaak.

Skielik moet jy besluite neem:

* Jy kan dadelik kwaad word en die beskuldigings teruggooi na hulle toe.
* Jy kan versoek voel om jouself te verdedig en dan verwerp te voel.
* Jy kan skuldig en skaam voel.
* Jy kan die ander ou sommer net 'n klap gee.

Wat gaan jy kies? Jy kan dalk vir jouself sê:
'Ek weet dis eintlik jy Satan wat my versoek.
God se Woord sê ek moet nie sonde doen in kwaad word nie.
Ek sal nie weer sover gaan nie. Ek werp enige gevoel van my af wat nie van God af is nie. In Jesus se Naam. Amen.'

2 Korinthieërs 10:5
'Terwyl ons planne verbreek en elke skans wat opgewerp word teen die kennis van God, en elke gedagte gevange neem tot die gehoorsaamheid aan Christus.'

Ken die taktiek van die vyand:

Onthou: Moet nooit verwyder wees van God af nie.
Weet hoe die duiwel jou elke keer wil vang.

Wat gaan gebeur as ek misluk?

Vanaf Heilige Gees kom daar net bemoediging en van die Satan af kom daar net veroordeling.
As jy net die hele tyd loop en skuldig voel, is dit nie van God af nie. Bely jou sonde en kry dit van jou af – dan kan dit jou nie meer probeer beheer nie. Tel op jou kop en loop in die Lig van God.

Wat is die pad na vryheid?

1. **Herkenning**:
   Herken die probleem in jou lewe en dat dit nie van God af is.
2. **Neem verantwoordelikheid**: Neem self verantwoordelikheid vir jou probleme. Moet nie andere of God wil blameer nie.
3. **Belydenis:** Bely dat jy toegelaat het om sonde te doen.
4. **Laat vaar** alle deelname met die sonde in jou lewe.
5. **Verwydering** van alle probleme en sonde uit jou lewe.
   Werp dit van jou af weg.
6. **Weerstaan:** Kom nader na God toe en weerstaan die duiwel.
   Weier om weer betrokke te raak met probleme en vestings.
7. **Danksegging:** Gee aan God al die eer vir jou vryheid.

Wat moet ek doen om in oorwinning te bly loop?

*** Hou jou lewe vol met God se Woord** en versterk jou verhouding met God.
*** Deelname met ander Christene:** Jy moet dalk net weer dink aan vorige verhoudings. So baie verhoudings is nie goed vir ons nie. Bly nou by positiewe mense.
*** Hou elke gedagte onder beheer:** Onderskei mooi tussen goed en kwaad. Verwyder jou van leuens – al kom dit van geliefdes naby jou. Weet dat die oorlog word in jou gedagtes geveg.
*** Hou op om aan die verlede te dink:** Jy praat nooit weer oor vorige mislukkings en foute van die verlede nie.
*** Bewaar jou hart:**
Waak teen ongeloof en twyfel en spanning en vrees.
*** Jy moet vertroue in God hê:**
Sonder geloof in dit onmoontlik om God tevrede te stel. Glo in God, maak nie saak wat jy sien en hoor nie.

*** Beheer jou tong:** Dit wat jy vandag sê, sal more met jou gebeur. As dit nie van God af is nie, moet dit nie sê nie.
*** Bewaar jou oë en ore**: Wees baie versigtig na wat jy kyk en waarna jy luister. Kies mooi die musiek en boeke wat jy lees en waarna jy kyk op TV en rolprente.
*** Kom weg van mense af wat in sonde wil aanhou leef:** Kyk mooi en kies mooi.
*** Onthou alle goeie dinge kom van God af.**

Gebed:

* Vader God, ek kom na U toe in Jesus se Naam.
* Ek besef my eie sonde en ook die sonde in my familie.
* Ek kom bely nou my sonde en ook die sonde van my voorvaders.
* Ek neem verantwoordelikheid vir die sondes en vestings in my lewe.
* Ek kies dat die werking van sonde in my lewe nou gebreek moet word
* Ek bely my deelname aan ..... (sonde)
* Ek vra Vader dat U my sal vergewe dat ek hierdie vestings toegelaat het in my lewe.
* Ek vra ook vir U Vader om die vloek van siekte.....(siekte) in my lewe te breek.
* Ek neem vandag standpunt in teen .....(sonde) en .....(siekte) wat die slegte vrug in my lewe is.
* Ek sal nooit weer hieraan deelneem nie – ek kies dit so.
* Nou spreek ek uit: Deur die outoriteit van die Jesus Christus breek ek enige deelname met die okkulte en met seksuele sonde in my lewe.
* Gaan van my af weg, in Jesus se Naam.
* Ek dank U Vader vir U vergifnis en restourasie in my lewe, in Jesus Christus se Naam.

AMEN